# HOOFSTUK 3

# BESPREKING VAN RESULTATE

## 3.1 INLEIDING

Vervolgens sal 'n uiteensetting gegee word van die navorsingsbevindings.

Die hoofstuk sal uit ses breë indelings bestaan, naamlik een vir elk van die meetmiddels wat ondersoek is.

Elke afdeling sal op sy beurt in die volgende komponente bespreek word, te wete:

a) 'n Globale of gesamentlike bespreking van resultate, dit wil sê die st. 8- en 9-leerlinge tesame.

b) 'n Reduksionistiese uiteensetting van die st. 8-steekproewe se resultate.

c) Reduksionistiese uiteensetting van die st. 9-steekproewe se resultate.

d) 'n Vergelyking tussen die st. 8- en st. 9-steekproewe.

### 3.1.1 Kriteria vir eiesoortigheid

Ten einde kan bepaal in watter mate Kleurlingleerlinge wat 'n leesontwikkelingskursus deurloop het en dié wat nie so 'n leeskursus gevolg het nie van mekaar verskil, is die volgende kriteria vir eiesoortigheid in die onderhawige ondersoek neergelê.

- LEESVERMOË

  'n Betekenisvolle verskil in ten minste twee van die vyf veranderlikes (dit wil sê 40%) tussen die eksperimentele en kontrolegroep sal as 'n aanduier van verskil (eiesoortigheid) beskou word.

- SKOLASTIESE PRESTASIE

Omdat hier slegs 'n enkele veranderlike, naamlik skoolprestasie ondersoek word, sal 'n betekenisvolle verskil hierin as 'n aanduier van eiesoortig= heid aanvaar word.

- STUDIEGEWOONTES EN -HOUDINGS

'n Betekenisvolle verskil in 40% van die veranderlikes wat deur die Op= name van Studiegewoontes en -Houdings gemeet is, sal as aanduier van eiesoortigheid beskou word (dit wil sê betekenisvolle verskille in ten minste drie van die sewe veranderlikes wat deur die OSGH gemeet word).

- AANLEG

Die geskatte IK-punt (soos gemeet deur die SAT) is hier as 'n 11de ver= anderlike bygebring. Ook hier is op 40% as 'n kriterium vir betekenisvol= le verskil besluit. Dit kom daarop neer dat daar in ten minste vier van die 11 veranderlikes betekenisvolle verskille tussen die onderskeie groepe moet voorkom voordat dit as 'n eiesoortige eienskap beskou gaan word.

- PERSOONLIKHEID

Deur 'n toetsbattery saam te stel uit die HSPV en die IPAT-Angsskaal is daarin geslaag om 22 psigologiese eienskappe te meet. Alhoewel daar 'n geringe mate van oorvleueling tussen sekere subtoetse kan voorkom, soos byvoorbeeld by die HSPV en die IPAT-Angsskaal ten opsigte van so= sialiteit en individualiteit, beteken dit glad nie dat die verskillende meetinstrumente die betrokke eienskap in dieselfde mate meet nie. In die lig hiervan is besluit dat nege of meer (40%) betekenisvolle per= soonlikheidsverskille tussen die eksperimentele en kontrolegroepe as 'n aanduier van verskil (eiesoortigheid) beskou sal word.

Die rede waarom die ondersoeker op 'n redelike hoë persentasie betekenis= volle verskille as kriteria vir eiesoortigheid besluit het, is die feit dat die eksperimentele en kontrolegroepe telkens met twee verskillende

statistiese tegnieke met mekaar vergelyk is. Die resultate van dié tegnieke sal telkens aanvullend tot mekaar aangewend word by die evalue= ring van die hipoteses. Om dus moontlike bevoordeling van enige van die groepe as gevolg van dié metode te voorkom, is op genoemde kriteria besluit.

### 3.1.2 Bespreking van die resultate

Die resultate van die ondersoekgroepe sal as volg aan die hand van die sistematiek van hoofstuk 2 bespreek word:

- Leesvermoëns

  Resultate van oftalmografiese meting

- Skolastiese prestasie

  Werklike skoolprestasie behaal

- Studiegewoontes en -houdings

  Resultate van die OSGH

- Aanleg

  Resultate van die SAT

- Persoonlikheid

  Resultate van die HSPV
  Resultate van die IPAT-Angsskaal

Ten einde beduidenheid van verskille tussen die verskillende eksperimentele en kontrolegroepe te bepaal, is na gelang van die aard van die statistiese gegewens òf t-toetse òf nie-parametriese tegnieke soos die Mann-Whitney- of Wilcoxon-toets uitgevoer.

Ten einde die naslaan van resultate te vergemaklik, kan daar weer eens gemeld word dat die oftalmografiese tellings in Bylaag B, skoolprestasie in Bylaag C en die persentielrange van die OSGH in Bylaag D weergegee word. In Bylaag F word die stanegewaardes vir die SAT aangebied, terwyl Bylaag H en I onderskeidelik die stanegetellings van die HSPV en die stientellings van die IPAT-Angsskaal weergee.

Vir 'n volledige beskrywing van die navorsingsgegewens kan hoofstuk 2 geraadpleeg word.

Die 5%-peil is as maatstaf van beduidenheid vir al die bewerkings neergelê (Siegel, 1956; Guilford, 1965).

## 3.2 LEESVERMOË

### 3.2.1 Globale uiteensetting van resultate behaal met die oftalmograaf

#### 3.2.1.1 Gesamentlike kontrolegroep (GK)

TABEL 3.1 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE GESAMENTLIKE KONTROLEGROEP (DIT WIL Sê ST. 8 EN ST. 9) TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF

| Veranderlikes | $\bar{X}gk(v)$ | $\bar{X}gk(n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 85,000 | 77,769 | 2,85 | 0,0087* |
| Regressies per 100 woorde | 14,346 | 9,731 | 4,51 | 0,0001* |
| Woorde per minuut | 279,960 | 273,229 | 0,76 | 0,4531 |
| Persentasie begrip | 70,769 | 75,385 | -1,00 | 0,3269 |
| Leesvlak | 12,115 | 13,231 | -2,88 | 0,0084* |
| | N = 26 | | | G.V. = 25 |

*Beduidend op die 5%-peil

Die gesamentlike kontrolegroep (dit wil sê die groep wat geen leesopleiding ontvang het nie), het tydens die natoetsing beduidende verbetering getoon in drie van die vyf veranderlikes.

Die groep het beduidend minder fiksasies en regressies in hul lees tydens die natoetsing vertoon. Dit is egter verbasend om te sien dat hul lees=spoed af- in plaas van toegeneem het, aangesien 'n vermindering en fiksasies en regressies 'n verbetering in leesspoed tot gevolg behoort te hê.

3.2.1.2 Gesamentlike eksperimentele groep (GE)

TABEL 3.2 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE GESAMENT=LIKE EKSPERIMENTELE GROEP (DIT WIL Sê ST. 8 EN ST. 9) TEN OP=SIGTE VAN VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF

| Veranderlikes | $\bar{X}$ge(v) | $\bar{X}$ge(n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 95,193 | 76,645 | 5,44 | 0,000* |
| Regressies per 100 woorde | 20,935 | 13,161 | 7,14 | 0,0000* |
| Woorde per minuut | 261,838 | 312,160 | -3,20 | 0,0032* |
| Persentasie begrip | 66,451 | 78,677 | -4,24 | 0,0002* |
| Leesvlak | 10,613 | 13,231 | -5,52 | 0,0000* |
| | N = 31 | | | G.V. = 30 |

*Beduidend op die 5%-peil

Die eksperimentele groep, dit wil sê die groep wat aan die leeskursus on=derwerp is, het tydens die natoetsing betekenisvolle verbetering getoon in al die veranderlikes wat deur die oftalmograaf gemeet is. Dié groep het dus beslis baat gevind by die leeskursus ten opsigte van verbetering in leesprestasie.

3.2.1.3 Gesamentlike eksperimentele (GE) en kontrolegroep (GK)

TABEL 3.3 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE (GE) EN KONTROLEGROEP (GK) EN KONTROLEGROEP (GK) TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Veranderliks | $\bar{X}ge(v)$ | $\bar{X}gk(v)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 95,193 | 85,000 | 1,74 | 0,0870 |
| Regressies per 100 woorde | 20,935 | 14,346 | 4,34 | 0,0001* |
| Woorde per minuut | 261,838 | 279,960 | -0,80 | 0,4245 |
| Persentasie begrip | 66,451 | 70,769 | -1,11 | 0,2704 |
| Leesvlak | 10,613 | 12,115 | -1,64 | 0,1065 |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

Tabel 3.3 toon aan dat die eksperimentele en kontrolegroep met die voortoetsing gelykgeskakel was ten opsigte van vier van die vyf veranderlikes wat ondersoek is, naamlik fiksasies, woorde per minuut, persentasie begrip en leesvlak. Slegs ten opsigte van regressies het die gesamentlike eksperimentele groep tydens die voortoetsing beduidend swakker gevaar ('n gemiddelde verskil van 6,589) as die kontrolegroep. Dié aspek sal verder ondersoek word by die interpretasie van die natoetsing se resultate in die hieropvolgende tabel.

TABEL 3.4 DIE RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE (GE) EN KON=TROLEGROEP (GK) TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Veranderlikes | $\bar{X}$ge(n) | $\bar{X}$gk(n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 76,645 | 77,769 | -0,26 | 0,7957 |
| Regressies per 100 woorde | 13,161 | 9,731 | 2,99 | 0,0042* |
| Woorde per minuut | 312,160 | 273,229 | 1,61 | 0,1141 |
| Persentasie begrip | 78,677 | 75,385 | 0,87 | 0,3883 |
| Leesvlak | 13,231 | 13,231 | 0,89 | 0,3773 |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

Die enigste betekenisvolle verskil tussen die gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep verkry is weer eens ten opsigte van die aantal regressies. Aangesien hierdie betekenisvolle verskil reeds tydens die voortoetsing teenwoordig was, word dit nie toegeskryf aan die effek wat die leeskursus daarop gehad het nie. Wat wel egter belangrik blyk te wees, is dat die regressieverskil tussen die groepe na die leeskursus verklein het. Waar dit voor die kursus gedui het op 'n verskil van 6,589, was die verskil by die natoetsing slegs 3,430.

Dieselfde tendens het ook voorgekom ten opsigte van die ander vier veran=derlikes. As sodanig wil dit voorkom asof die eksperimentele groep tog by die leeskursus gebaat het. Om meer lig hierop te werp, het die onder=soeker dit goed geag om die resultate statisties verder te ondersoek sodat 'n betroubaarder weergawe van die verskille tussen die gesamentlike eksperi=mentele en kontrolegroep gevind kan word.

Hierdie ondersoek vergelyk die verskille in elke veranderlike wat ontstaan het tussen die voor- en natoetsing van die gesamentlike eksperimentele groep met die verskille in elke veranderlike wat voorgekom het tussen die voor- en natoetsing van die gesamentlike kontrolegroep. Hier word die t-toets om verskil tussen die verskille te bepaal gebruik. Die resul=

tate van die ondersoek word in tabel 3.5 weergegee.

TABEL 3.5 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEPE TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- EN NATOETSTELLINGS IN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF

| Veranderlikes | $\bar{X}$ge(v-n) | $\bar{X}$gk(v-n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 18,5483 | 7,2308 | 2,57 | 0,0128* |
| Regressies per 100 woorde | 7,7742 | 4,6154 | 2,09 | 0,0412* |
| Woorde per minuut | -50,3225 | 6,7308 | -3,01 | 0,0040* |
| Persentasie begrip | -12,2258 | -4,6154 | -1,44 | 0,1543 |
| Leesvlak | -3,2258 | -1,1154 | -2,89 | 0,0056* |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

Bogenoemde tabel is 'n duidelike bewys dat die verbetering van die gesamentlike eksperimentele groep wat plaasgevind het vanaf die voor- tot die natoetsing beduidend groter was as die verskil wat telkens by die kontrolegroep voorgekom het ten opsigte van vier van die vyf veranderlikes wat deur die oftalmograaf gemeet is. Alhoewel daar in begrip nie 'n betekenisvolle verbetering voorgekom het nie, is dit tog van belang om daarop te let dat die toename in begrip beter was by die gesamentlike eksperimentele groep as wat dit in geval was by die gesamentlike kontrolegroep.

3.2.1.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

In die lig van die resultate soos uiteengesit in tabel 3.4 en 3.5, is dit duidelik dat daar wel verskille ten opsigte van leesvermoëns (vier uit die moontlike vyf veranderlikes) tussen die gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep voorkom. Die alternatiewe hipotese dat die leesvermoëns van leerlinge wat 'n leesontwikkelingskursus gevolg het verskil van leerlinge s'n wat nie só 'n kursus gevolg het nie, moet dus aanvaar word.

Die gesamentlike eksperimentele groep het dus nie alleenlik persoonlik baat gevind by die leeskursus nie, maar die verbetering was selfs van so 'n aard dat hul leesvermoëns betekenisvol beter as dié van die gesament=like kontrolegroep (wat nie aan die leeskursus onderwerp was nie) vertoon het.

### 3.2.2 Reduksionistiese uiteensetting van die oftalmografiese meting

#### 3.2.2.1 Standerd 8-steekproef

##### 3.2.2.1.1 Standed 8-kontrolegroep (K8)

TABEL 3.6 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE ST. 8-KONTROLEGROEP (K8) TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF

| Veranderlikes | $\bar{X}$k8(v) | $\bar{X}$k8(n) | T | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 83,357 | 75,429 | 9,00 | 0,0186* |
| Regressies per 100 woorde | 15,643 | 9,357 | 3,50 | 0,0021* |
| Woorde per minuut | 276,214 | 275,356 | 52,50 | 1,0000 |
| Persentasie begrip | 69,999 | 71,428 | 43,00 | 0,8613 |
| Leesvlak | 12,143 | 13,214 | 15,50 | 0,0653 |
| | N = 14 | | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die st. 8-kontrolegroep het tydens die natoetsing betekenisvol minder fiksasies en regressies gelewer. Dit is weer eens verbasend om te sien dat dié verskynsels nie 'n verbetering van leesspoed tot gevolg gehad het nie, want verminderde fiksasies en regressies dra by tot verbetering in leesspoed. Bogenoemde tabel toon aan dat daar, net soos by tabel 3.1, 'n geringe afname in leesspoed was. In sy geheel blyk dit dat die st. 8-kontrolegroep se leesvermoëns nie betekenisvol verander het nie, aange=sien die verminderde fiksasies en regressies nie soseer die leesspoed en daarmee saam die leesvlak, betekenisvol laat verhoog het nie. Ook

het begrip nie 'n betekenisvolle verbetering getoon nie.

3.2.2.1.2 Standerd 8 eksperimentele groep (E8)

TABEL 3.7 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE GROEP (E8) TEN OPSIGTE VAN VERANDERLIKES SOOS GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF

| Veranderlikes | $\bar{X}$e8(v) | $\bar{X}$e8(n) | T | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 95,133 | 72,467 | 1,0000 | 0,0008* |
| Regressies per 100 woorde | 19,333 | 11,867 | 2,0000 | 0,0015* |
| Woorde per minuut | 250,933 | 340,532 | 5,0000 | 0,0029* |
| Persentasie begrip | 65,333 | 75,999 | 11,0000 | 0,0505 |
| Leesvlak | 10,399 | 14,067 | 0,0000 | 0,0015* |
| | N = 15 | | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die st. 8 eksperimentele groep se algehele leesvermoëns het verbetering getoon nadat hulle die leeskursus deurloop het. Die aantal fiksasies en regressies het in so mate betekenisvol afgeneem dat dit ook 'n betekenis=volle verbetering in leesspoed en leesvlak tot gevolg gehad het. Alhoewel begrip die enigste veranderlike is wat nie beduidend verbeter het nie, het daar eweneens in dié verband opsigtelik verbetering ingetree.

3.2.2.1.3 Standerd 8 eksperimentele en -kontrolegroep

TABEL 3.8 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE (E8) EN -KONTROLEGROEP (K8) TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES WAT DEUR DIE OFTALMOGRAAF GEMEET IS TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Veranderlikes | $\bar{X}$e8(v) | $\bar{X}$k8(v) | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 95,133 | 83,357 | 79,5 | 0,2655 |
| Regressies per 100 woorde | 19,333 | 15,643 | 63,5 | 0,0688 |
| Woorde per minuut | 250,933 | 276,214 | 85,5 | 0,3943 |
| Persentasie begrip | 65,333 | 70,000 | 89,0 | 0,4668 |
| Leesvlak | 10,399 | 12,143 | 82,5 | 0,3211 |
| | N = 15 | N = 14 | | |

Tabel 3.8 toon aan dat die st. 8 eksperimentele en -kontrolegroep met die voortoetsing gelykgeskakel was ten opsigte van die leesbedrewendheids= aspekte wat die oftalmograaf meet.

TABEL 3.9 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VER= SKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE (E8) EN -KONTROLEGROEP (K8) TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES WAT DEUR DIE OFTALMOGRAAF GEMEET IS TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Veranderlikes | $\bar{X}$e8(n) | $\bar{X}$k8(n) | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 72,463 | 75,429 | 101,5 | 0,8784 |
| Regressies per 100 woorde | 11,867 | 9,357 | 68,5 | 0,1093 |
| Woorde per minuut | 340,532 | 275,356 | 77 | 0,2216 |
| Persentasie begrip | 76,000 | 71,429 | 78,5 | 0,2367 |
| Leesvlak | 14,067 | 13,214 | 81 | 0,2877 |
| | N = 15 | N = 14 | | |

Uit tabel 3.9 wil dit voorkom asof die st. 8 eksperimentele groep tydens die natoetsing ook geen betekenisvolle verskille teenoor die kontrolegroep

toon nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat, alhoewel die lede van die st. 8 eksperimentele groep (wat die leeskursus deurloop het) persoonlik baat gevind het daarby, hulle nogtans nie beduidende voordeel hieruit bo die kontrolegroep (wat nie die leeskursus deurloop het nie) getrek het nie.

Voordat die finale afleiding ten opsigte van die st. 8-steekproewe gemaak word, wend die ondersoeker hom eers na die resultate van die t-toets wat beduidendheid van *verskille tussen die verskille* bepaal.

TABEL 3.10 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE- (E8) EN -KONTROLEGROEPE (K8) TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETS=TELLINGS (N) IN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF

| Veranderlikes | $\bar{X}e8(v-n)$ | $\bar{X}k8(v-n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 22,666 | 7,929 | 2,73 | 0,0111* |
| Regressies per 100 woorde | 7,467 | 6,286 | 0,64 | 0,5303 |
| Woorde per minuut | -89,600 | 0,8571 | -3,40 | 0,0021* |
| Persentasie begrip | -10,667 | -1,429 | -1,15 | 0,2611 |
| Leesvlak | -3,667 | -1,0714 | -2,59 | 0,0153* |
| | N = 15 | N = 14 | | G.V. = 27 |

*Beduidend op die 5%-peil

Tabel 3.10 toon aan dat die verbetering van die st. 8 eksperimentele groep wat ingetree het tussen voor- en natoetsing betekenisvol groter was as dié van die st. 8-kontrolegroep ten opsigte van fiksasies, woorde per minuut en leesvlak.

Alhoewel die twee groepe nie ten opsigte van regressies en persentasie begrip betekenisvolle verskille getoon het nie, is dit van belang om op te merk dat die verbetering van die st. 8 eksperimentele groep nogtans hoër was as die van die st. 8 -kontrolegroep.

3.2.2.1.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

Die st. 8 eksperimentele groep oorskry wel die kriteria wat daargestel is vir eiesoortigheid (naamlik 40% of meer betekenisvolle verskille in die oftalmografiese metings.) Tabel 3.10 toon aan dat daar in drie van die moontlike vyf veranderlikes betekenisvolle verskille voorgekom het. Die nulhipotese word dus verwerp en die alternatiewe hipotese dat die leesvermoëns van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwikkelingskur= sus gevolg het verskil van Kleurling-hoërskoolleerlinge s'n wat nie so 'n kursus gevolg het nie, word aanvaar.

Die st. 8 eksperimentele groep het dus in so 'n mate gebaat by die leeskur= sus dat hulle nie alleenlik persoonlike verbetering daaruit behaal het nie, maar ook betekenisvol bo die kontrolegroep (wat nie die leeskursus deurloop het nie) verbeter het.

3.2.2.2 Standerd 9-steekproef

3.2.2.2.1 Standerd 9-kontrolegroep (K9)

TABEL 3.11 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE STAN= DERD 9-KONTROLEGROEP (K9) TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF

| Veranderlikes | $\bar{X}k9(v)$ | $\bar{X}k9(n)$ | T | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 86,917 | 80,500 | 23,0 | 0,2094 |
| Regressies per 100 woorde | 12,833 | 10,167 | 13,0 | 0,0754 |
| Woorde per minuut | 284,333 | 270,750 | 22,0 | 0,3281 |
| Persentasie begrip | 71,667 | 80,000 | 11,5 | 0,1925 |
| Leesvlak | 12,083 | 13,250 | 6,5 | 0,0580 |
| | N = 12 | | | |

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat dit st. 9-kontrolegroep geen beteke=kenisvolle verandering tussen die voor- en natoetsing ondergaan het nie ten opsigte van die veranderlikes wat deur die oftalmograaf gemeet is.

3.2.2.2.2 Standerd 9 eksperimentele groep (E9)

TABEL 3.12 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE STAN=DERD 9 EKSPERIMENTELE GROEP (E9) TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDER=LIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF

| Veranderlikes | $\bar{X}$e9(v) | $\bar{X}$e9(n) | T | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 95,250 | 80,562 | 18,0 | 0,0097* |
| Regressies per 100 woorde | 22,437 | 14,375 | 4,0 | 0,0015* |
| Woorde per minuut | 272,062 | 285,562 | 57,0 | 0,5695 |
| Persentasie begrip | 67,5 | 81,187 | 7,0 | 0,0071* |
| Leesvlak | 10,812 | 13,625 | 1,0 | 0,0069* |
| | N = 16 | | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die standerd 9 eksperimentele groep het in die natoetsing beduidend minder fiksasies en regressies getoon. Hiermee saam het daar ook betekenisvolle verbetering ten opsigte van begrip en leesvlak by hulle ingetree. Alhoewel leesspoed ook verbeter het, was die verandering nie groot genoeg om beteke=nisvol te wees nie.

Wanneer daar globaal na die tellings van tabel 3.12 gekyk word, kan daar dus met reg gesê word dat die st. 9 eksperimentele groep gebaat het by die leeskursus ten opsigte van verbetering van hul eie leesbedrewenheid.

3.2.2.2.3 Die standerd 9 eksperimentele en -kontrolegroep

TABEL 3.13 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE (E9) EN -KONTROLEGROEP (K9) TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES WAT DEUR DIE OFTALMOGRAAF GEMEET IS TYDENS DIE VOORTOETSING(V)

| Veranderlikes | $\bar{X}$e9(v) | $\bar{X}$k9(v) | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 95,250 | 86,917 | 73,5 | 0,2961 |
| Regressies per 100 woorde | 22,437 | 12,833 | 20,5 | 0,0004* |
| Woorde per minuut | 272,062 | 284,333 | 74,5 | 0,3178 |
| Persentasie begrip | 67,5 | 71,667 | 77,5 | 0,3811 |
| Leesvlak | 10,812 | 12,083 | 76,0 | 0,3484 |
| | N = 16 | N = 12 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Tabel 3.13 toon dat die st. 9 eksperimentele en -kontrolegroepe, met uitsondering van regressies, gelykgeskakel is ten opsigte van die ander vier veranderlikes wat deur die oftalmograaf gemeet is tydens die voortoetsing.

Die bevinding van betekenisvolle verskil in regressies tussen die st. 9 eksperimentele en -kontrolegroep tydens die voortoetsing sal vervolgens in tabel 3.14 verder ondersoek word.

TABEL 3.14 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE- (E9) EN -KONTROLEGROEP (K9) TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES WAT DEUR DIE OFTALMOGRAAF GEMEET IS TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Veranderlikes | $\bar{X}$e9(n) | $\bar{X}$k9(n) | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 80,562 | 80,500 | 97,0 | 0,9630 |
| Regressies per 100 woorde | 14,375 | 10,167 | 36,0 | 0,0051* |
| Woorde per minuut | 285,562 | 270,750 | 82,5 | 0,5303 |
| Persentasie begrip | 81,187 | 80,000 | 95,5 | 0,9810 |
| Leesvlak | 13,625 | 13,250 | 89,0 | 0,7338 |
| | N = 16 | N = 12 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Net soos tabel 3.13 toon bostaande tabel ook dat daar slegs ten opsigte van regressies 'n beduidende verskil tussen die st. 9 eksperimentele en -kontrolegroep bestaan.

Aangesien dié verskil reeds in die voortoetsing teenwoordig was, kan die verskil in die natoetsing nie soseer toegeskryf word aan die effek van die leeskursus nie.

Dit blyk egter dat die regressieverskil by die voortoetsing tussen die twee groepe vanaf 9,606 tot by 4,208 afgeneem het. 'n Verdere implikasie is dat dit die eksperimentele groep is (die groep wat die leeskursus ont= vang het) wat die meeste gebaat het, met 'n afname van 8,062 (22,437:14,375) teenoor die kontrolegroep se afname van 2,666 (12,833:10,167). Dieselfde tendens kom ook voor by die ander veranderlikes. Alhoewel dit dus blyk dat die st. 9 eksperimentele groep nie betekenisvolle voordeel bo die st. 9-kontrolegroep uit die leeskursus getrek het nie, is dit tog duidelik dat hulle ongetwyfeld baie by die leeskursus gebaat het. Ten einde 'n beter perspektief op die hele aangeleentheid te kry, word die gegewens vervolgens verder ondersoek (verskil van die verskille).

TABEL 3.15 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE (E9) EN -KONTROLEGROEP (K9) TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETS= TELLINGS (N) IN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF

| Veranderlikes | $\bar{X}e9(v-n)$ | $\bar{X}k9(v-n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 14,688 | 6,417 | 1,18 | 0,2501 |
| Regressies per 100 woorde | 8,063 | 2,668 | 2,26 | 0,0322* |
| Woorde per minuut | -13,500 | 13,583 | -1,17 | 0,2543 |
| Persentasie begrip | -13,688 | -8,333 | -0,77 | 0,4464 |
| Leesvlak | -2,813 | -1,167 | -1,50 | 0,1452 |
| | N = 16 | N = 12 | | G.V. = 26 |

*Beduidend op die 5%-peil

Tabel 3.15 bevestig in hierdie geval die bevinding van tabel 3.14, naamlik dat die st. 9 eksperimentele groep wat die leeskursus deurloop het, behalwe in regressies, geen betekenisvolle voordeel ten opsigte van leesverbetering bo die st. 9-kontrolegroep, wat nie aan 'n leeskursus onderwerp was, behaal het nie.

3.2.2.2.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

Die st. 9 eksperimentele groep het slegs in een veranderlike 'n betekenis= volle verskil teenoor die st. 9-kontrolegroep getoon. (Sien tabel 3.14 en 3.15.) Hierdie 20%-verskil is egter te gering om aan die kriteria vir eiesoortigheid te voldoen en dus moet die nulhipotese, naamlik dat daar geen verskil is in die leesvermoëns van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwikkelingskursus deurloop het en Kleurling-hoërskoolleerlinge wat nie so 'n kursus gevolg het nie, in die geval van die st. 9-steekproef aanvaar word.

Ten spyte van die feit dat die st. 9 eksperimentele groep nie betekenisvol beter as die kontrolegroep presteer het in die veranderlikes wat deur die oftalmograaf gemeet word nie, is dit tog duidelik te sien uit die verbetering van hul resultate nadat die leeskursus deurloop is, dat hulle ongetwyfeld baie by die leeskursus gebaat het.

Die feit dat die st. 8 eksperimentele groep betekenisvol verbeter het teenoor die st. 8-kontrolegroep wat betref leesbedrewenheid maar dat die= selfde patroon nie herhaal is by die st. 9-steekproewe nie, wil dit op dié stadium laat voorkom asof die st. 8 eksperimentele groep 'n meer pertinente rol gespeel het om ook by die globale benadering 'n be= tekenisvolle verbetering ten gunste van die gesamentlike eksperimentele groep teweeg te bring. Ten einde hier meer krities tussen die st. 8- en st. 9-groep te onderskei, word die groepe se leesvermoëns vervolgens in tabel 3.16 tot 3.20 met mekaar vergelyk.

3.2.2.3 Standerd 8- en 9-kontrolegroep

TABEL 3.16 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9-KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Veranderlikes | $\bar{X}$k8(v) | $\bar{X}$k9(v) | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 83,357 | 86,917 | 80,5 | 0,8571 |
| Regressies per 100 woorde | 15,643 | 12,833 | 42,5 | 0,0319* |
| Woorde per minuut | 276,214 | 284,333 | 69,0 | 0,4397 |
| Persentasie begrip | 69,999 | 71,667 | 76,5 | 0,6951 |
| Leesvlak | 12,143 | 12,083 | 84,0 | 1,000 |
| | N = 14 | N = 12 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

TABEL 3.17 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VER= SKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8- EN ST. 9-KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Veranderlikes | $\bar{X}$k8(n) | $\bar{X}$k9(n) | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 75,429 | 80,500 | 62,5 | 0,2678 |
| Regressies per 100 woorde | 9,357 | 10,167 | 65,5 | 0,3369 |
| Woorde per minuut | 275,356 | 270,750 | 76,5 | 0,6995 |
| Persentasie begrip | 71,428 | 80,000 | 61,5 | 0,2373 |
| Leesvlak | 13,214 | 13,250 | 84,0 | 1,000 |
| | N = 14 | N = 12 | | |

3.2.2.4 Standerd 8 en 9 eksperimentele groep

TABEL 3.18 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9 EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Veranderlikes | $\bar{X}e8(v)$ | $\bar{X}e9(v)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 95,133 | 95,250 | 118 | 0,9369 |
| Regressies per 100 woorde | 19,333 | 22,437 | 93 | 0,2850 |
| Woorde per minuut | 250,933 | 272,062 | 98,5 | 0,3948 |
| Persentasie begrip | 65,333 | 67,5 | 113,5 | 0,7837 |
| Leesvlak | 10,400 | 10,812 | 115 | 0,8417 |
| | N = 15 | N = 16 | | |

TABEL 3.19 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN 9 EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Veranderlikes | $\bar{X}e8(n)$ | $\bar{X}e9(n)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 72,463 | 80.562 | 78,5 | 0,1008 |
| Regressies per 100 woorde | 11,867 | 14,375 | 69,5 | 0,0451* |
| Woorde per minuut | 340,532 | 285,562 | 101 | 0,4526 |
| Persentasie begrip | 76,000 | 81,187 | 100 | 0,4112 |
| Leesvlak | 14,067 | 13,625 | 96,5 | 0,3429 |
| | N = 15 | N = 16 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

TABEL 3.20 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9 EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSTELLINGS (N) IN DIE VERANDERLIKES GEMEET DEUR DIE OFTALMOGRAAF

| Veranderlikes | $\bar{X}e8(v-n)$ | $\bar{X}e9(v-n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Fiksasies per 100 woorde | 22,666 | 14,688 | 1,18 | 0,2491 |
| Regressies per 100 woorde | 7,467 | 8,063 | -0,27 | 0,7898 |
| Woorde per minuut | -89,600 | -13,500 | -2,65 | 0,0128* |
| Persentasie begrip | -10,667 | -13,688 | 0,52 | 0,6093 |
| Leesvlak | - 3,667 | - 2,813 | -0,72 | 0,4744 |
| | N = 15 | N = 16 | | G.V. = 29 |

*Beduidend op die 5%-peil

Tabel 3.16 tot 3.20 is bereken ten einde 'n duideliker beeld van die gegewens en bevindings te verkry. Tabel 3.16 is 'n bewys dat die ewekansig getrekte st. 8- en st. 9-kontrolegroep gelykgeskakel was (met uitsondering van regressies) ten opsigte van die veranderlikes wat deur die oftalmograaf gemeet is. Dit is ook die geval met die st. 8 en st. 9 eksperimentele groep (wat geheel en al gelykgeskakel was tydens die voortoetsing (tabel 3.18). Die natoetsresultate wat dus verkry is en die betekenisvolle veranderings wat hier voorgekom het, kan dus met vrymoedigheid toegeskryf word aan die effek wat die leeskursus op die leesvermoëns van die eksperimentele groep leerlinge kon uitoefen.

Tabel 3.19 en 3.20 toon egter geringe verskille aan en dit blyk dat daar alleenlik ten opsigte van woorde per minuut 'n betekenisvolle verskil ten gunste van die st. 8 eksperimentele groep voorkom. In sy geheel gesien, blyk dit dus dat die st. 8 en st. 9 eksperimentele groepe nie betekenisvol beter as die ander presteer het nie ten opsigte van die leesvermoëns wat deur die oftalmograaf gemeet word. Die aanname kan dus nie gemaak word dat die st. 8 eksperimentele groep 'n meer beduidende rol as die st. 9 eksperimentele groep gespeel het in die betekenisvolle verbetering van die leesvermoëns van die gesamentlike eksperimentele groep nie. Beide groepe het dus hul onderskeie bydraes hiertoe gelewer.

### 3.2.3 Samevatting

Globaal gesien het die gesamentlike eksperimentele groep, dit wil sê die groep wat die leëskursus deurloop het, betekenisvolle verbetering getoon teenoor die gesamentlike kontrolegroep wat nie die leeskursus deurloop het nie.

Reduksionisties gesien het ook die st. 8 eksperimentele groep beduidend beter presteer as die st. 8-kontrolegroep. Hierteenoor het die st. 9 eksperimentele groep egter nie 'n beduidende verbetering teenoor die st. 9-kontrolegroep getoon nie.

Alhoewel dit wil voorkom asof die aanname gemaak kan word dat die st. 8 eksperimentele groep 'n meer pertinente rol gespeel het om ook by die globale vergelyking 'n betekenisvolle verbetering teweeg te kon bring, het die vergelyking tussen die st. 8 en st. 9 eksperimentele groepe getoon dat die twee groepe grootliks gelykgeskakel het.

## 3.3 SKOOLPRESTASIE

### 3.3.1 Globale uiteensetting van die skolastiese prestasie

#### 3.3.1.1 Gesamentlike kontrolegroep (GK)

TABEL 3.21 RESULTAAT VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE GEMIDDELDE VORIGE SKOOLPRESTASIE (V) EN DIE NOVEMBER 1984-SKOOLPRESTASIE (N) VAN DIE GESAMENTLIKE KONTROLEGROEP (GK)

| Veranderlike | $\bar{X}gk(v)$ | $\bar{X}gk(n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 47,038 | 45,154 | 1,39 | 0,1757 |
| | N = 26 | | | G.V. = 25 |

Die gesamentlike kontrolegroep het op die 5%-beduidendheidspeil nie 'n betekenisvolle verandering ten opsigte van skoolprestasie getoon nie.

3.3.1.2 Gesamentlike eksperimentele groep (GE)

TABEL 3.22 RESULTAAT VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE GEMIDDELDE VORIGE PRESTASIE (V) EN DIE NO= VEMBER 1984-SKOOLPRESTASIE (N) VAN DIE GESAMENTLIKE EKSPERI= MENTELE GROEP (GE)

| Veranderlike | $\bar{X}ge(v)$ | $\bar{X}ge(n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 51,935 | 53,806 | -1,57 | 0,1270 |
| | N = 31 | | | G.V. = 30 |

Die gesamentlike eksperimentele groep het op die 5%-beduidendheidspeil nie betekenisvol verbeter ten opsigte van hul skoolprestasie nadat hulle die leeskursus deurloop het nie.

3.3.1.3 Gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep

TABEL 3.23 RESULTAAT VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN HUL GEMIDDELDE VORIGE SKOOLPRESTASIE (V)

| Veranderlike | $\bar{X}ge(v)$ | $\bar{X}gk(v)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 51,935 | 47,038 | 3,16 | 0,0026* |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

Die gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep het nie gelykgeskakel ten op= sigte van die vorige gemiddelde skoolprestasie nie. Dié veranderlike (waardeur die eksperimentele groep gunstiger geëvalueer word) mag dus die resultate van die toets beïnvloed.

TABEL 3.24 RESULTAAT VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP TEN OP= SIGTE VAN HUL TELLINGS BEHAAL IN DIE NOVEMBER 1984-EKSAMEN (N)

| Veranderlike | $\bar{X}ge(n)$ | $\bar{X}gk(n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 53,806 | 45,154 | 3,47 | 0,0010* |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

Alhoewel dit blyk dat die gesamentlike eksperimentele groep se punte effens verbeter het (53,806:51,935) en die gesamentlike kontrolegroep se punte 'n daling (45,154:47,038) getoon het teenoor hul vorige gemiddelde punte, kan die betekenisvolle verskil in tabel 3.24 aangetoon, nie soseer toege= skryf word aan die effek wat die leeskursus op die gesamentlike eksperi= mentele groep gehad het nie, want reeds tydens die voortoetsing (tabel 3.23) was daar 'n betekenisvolle verskil aanwesig. Wat egter wel van belang is, is dat daar wel 'n styging by die gesamentlike eksperimentele groep (53,806:51,935) was. Tabel 3.25 sal waarskynlik 'n meer bruikbare aandui= ding gee van die verskil tussen die gesamentlike eksperimentele en kon= trolegroep.

TABEL 3.25 RESULTAAT VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLE= GROEP TEN OPSIGTE VAN DIE VOOR- (V) EN NAMETINGS (N) VAN SKOOL= PRESTASIE

| Veranderlike | $\bar{X}$ge(v-n) | $\bar{X}$gk(v-n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | -1,871 | 1,885 | -2,09 | 0,0412* |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

As daar volgens tabel 3.25 in ag geneem word dat die gesamentlike kontrole= groep 1,885% gedaal het in hul skoolprestasie teenoor die 1,871% wat die gesamentlike eksperimentele groep se skoolprestasie toegeneem het, is hierdie verandering wel beduidend op die 5%-peil ten gunste van die gesa= mentlike eksperimentele groep.

3.3.1.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

Die betekenisvolle verbetering in skoolprestasie deur die gesamentlike eksperimentele groep (soos aangedui in tabel 3.24 en 3.25) bring mee dat die alternatiewe hipotese in die geval aanvaar moet word, naamlik dat die skoolprestasie van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwikke= lingskursus gevolg het verskil van Kleurling-hoërskoolleerlinge s'n wat nie so 'n kursus gevolg het nie. Die leeskursus het dus wel daartoe bygedra dat die gesamentlike eksperimentele groep betekenisvol bevoordeel is bo die gesamentlike kontrolegroep ten opsigte van verbetering in skoolpres= tasie.

### 3.3.2 Reduksionistiese uiteensetting van skoolprestasie

#### 3.3.2.1 Standerd 8-steekproef

##### 3.3.2.1.1 Standerd 8-kontrolegroep (K8)

TABEL 3.26 RESULTAAT VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE VORIGE GEMIDDELDE SKOOLPRESTASIE (V) EN DIE NOVEMBER 1984-SKOOLPRESTASIE (N) VAN DIE ST. 8-KONTRO=LEGROEP (K8)

| Veranderlikes | $\bar{X}k8(v)$ | $\bar{X}k8(n)$ | t | Beduidendheids=peil |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 49,000 | 47,143 | 46,0 | 0,6832 |
| | N = 14 | | | |

Die st. 8-kontrolegroep se skoolprestasie het nie betekenisvol verander nie.

##### 3.3.2.1.2 Standerd 8 eksperimentele groep (E8)

TABEL 3.27 RESULTAAT VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE VORIGE GEMIDDELDE SKOOLPRESTASIE (V) EN DIE NOVEMBER 1984-SKOOLPRESTASIE (N) VAN DIE ST. 8 EKSPERI=MENTELE GROEP (E8)

| Veranderlike | $\bar{X}e8(v)$ | $\bar{X}e8(n)$ | T | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 51,000 | 55,267 | 15,0 | 0,0186* |
| | N = 15 | | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die st. 8 eksperimentele groep het 'n betekenisvolle verbetering in skool=prestasie getoon nadat hulle die leeskursus deurloop het.

3.3.2.1.3 Standerd 8 eksperimentele en -kontrolegroep

TABEL 3.28 RESULTAAT VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLE=GROEP TEN OPSIGTE VAN HUL VORIGE GEMIDDELDE SKOOLPRESTASIE (V)

| Veranderlike | $\bar{X}e8(v)$ | $\bar{X}k8(v)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 51,000 | 49,000 | 85,5 | 0,3929 |
| | N = 15 | N = 14 | | |

Die st. 8 eksperimentele en -kontrolegroep is gelykgeskakel ten opsigte van hul vorige gemiddelde in hul skoolprestasie.

TABEL 3.29 RESULTAAT VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KONTRO=LEGROEP TEN OPSIGTE VAN HUL SKOOLPRESTASIE BEHAAL IN NOVEMBER 1984 (N)

| Veranderlike | $\bar{X}e8(n)$ | $\bar{X}k8(n)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 55,267 | 47,143 | 71,0 | 0,1371 |
| | N = 15 | N = 14 | | |

Daar is nie 'n beduidende verskil tussen die st. 8 eksperimentele en -kontrolegroep ten opsigte van skoolprestasie in November 1984 behaal nie.

Ofskoon die st. 8 eksperimentele groep vordering in hul skoolprestasie getoon het, was dié vordering dus nie betekenisvol beter as die st. 8-kontrolegroep se vordering nie.

Ten einde 'n meer presiese beeld van die st. 8 eksperimentele groep se vordering te kry, is die gegewens in tabel 3.30 meer krities ontleed.

TABEL 3.30. RESULTAAT VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NAMETINGS (N) VAN SKOOLPRESTASIE

| Veranderlike | $\bar{X}$e8(v-n) | $\bar{X}$k8(v-n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | -4,267 | 1,857 | -2,37 | 0,0252* |
| | N = 15 | N = 14 | | G.V. = 27 |

*Beduidend op die 5%-peil

Tabel 3.30 toon dus wel aan dat die 4,267% waarmee die st. 8 eksperimentele groep in hul skoolprestasie verbeter het nadat hulle die leeskursus deur=loop het, betekenisvol verskil van die 1,857% waarmee die kontrolegroep (wat nie die leeskursus deurloop het nie) verswak het.

3.3.2.1.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

Tabel 3.30 toon aan dat die st. 8 eksperimentele groep 'n betekenisvolle verbetering in skoolprestasie teenoor dié van die st. 8-kontrolegroep toon. Ook in dié geval word die nulhipotese verwerp en word aanvaar dat die skoolprestasie van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwikke=lingskursus gevolg het verskil van Kleurling-hoërskoolleerlinge s'n wat nie so 'n kursus gevolg het nie.

Daar kan dus met reg gesê word dat die leeskursus daartoe bygedra het dat die st. 8 eksperimentele groep betekenisvol beter as die st. 8-kontro=legroep op skool presteer het.

3.3.2.2 Standerd 9-steekproef

3.3.2.2.1 Standerd 9-kontrolegroep (K9)

TABEL 3.31 RESULTAAT VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE VORIGE (V) GEMIDDELDE SKOOLPRESTASIE EN DIE NOVEMBER 1984-SKOOLPRESTASIE (N) VAN DIE ST. 9-KONTRO= LEGROEP (K9)

| Veranderlike | $\bar{X}k9(v)$ | $\bar{X}k9(n)$ | t | Beduidendheids= peil |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 44,750 | 42,833 | 21,5 | 0,3066 |
| | N = 12 | | | |

Die st. 9-kontrolegroep se skoolprestasie het nie betekenisvol verander nie.

3.3.2.2.2 Standerd 9 eksperimentele groep (E9)

TABEL 3.32 RESULTAAT VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE VORIGE (V) GEMIDDELDE SKOOLPRESTASIE EN DIE NOVEMBER 1984 SKOOLPRESTASIE (N) VAN DIE ST. 9 EKSPERI= MENTELE GROEP (E9)

| Veranderlike | $\bar{X}e9(v)$ | $\bar{X}e9(n)$ | T | Beduidendheids= peil |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 52,812 | 52,437 | 18,0 | 0,7174 |
| | N = 16 | | | |

Die st. 9 eksperimentele groep se skolastiese prestasie het ook geen be= tekenisvolle verandering ondergaan nie. Die leeskursus blyk dus eweneens geen effek te gehad het op die skoolprestasie van die st. 9 eksperimentele groep nie.

3.3.2.2.3 Standerd 9 eksperimentele en -kontrolegroep

TABEL 3.33 RESULTAAT VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE EN -KONTRO= LEGROEP TEN OPSIGTE VAN HUL VORIGE GEMIDDELDE SKOOLPRESTASIE (V)

| Veranderlike | $\bar{X}e9(v)$ | $\bar{X}k9(v)$ | U | Beduidendheids= peil |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 52,812 | 44,750 | 30,5 | 0,0023* |
| | N = 16 | N = 12 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Alhoewel ewekansig getrek, het die st. 9 eksperimentele groep en die -kontrolegroep nie gelykgeskakel ten opsigte van hul gemiddelde vorige skolastiese prestasie nie. Die st. 9 eksperimentele groep het skolasties beduidend hoër as dié st. 9-kontrolegroep presteer.

Hierdie verskil tussen die twee groepe sal in berekening gebring word by die interpretasie van die twee groepe se November 1984-skoolprestasie in tabel 3.34.

TABEL 3.34 RESULTAAT VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE EN -KON= TROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN SKOOLPRESTASIE BEHAAL IN NOVEM= BER 1984 (N)

| Veranderlike | $\bar{X}e9(n)$ | $\bar{X}k9(n)$ | U | Beduidendheids= peil |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 52,437 | 42,833 | 37,5 | 0,0066* |
| | N = 16 | N = 12 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die bevinding in tabel 3.33 dat daar reeds betekenisvolle verskille tussen die vorige gemiddelde skoolprestasie van die st. 9 eksperimentele groep en die -kontrolegroep bestaan het, voorkom dus dat daar onomwonde verklaar

kan word dat dit juis die effek van die leeskursus is wat gemaak het dat die natoetsresultate van die st. 9 eksperimentele en -kontrolegroep ook betekenisvol verskil het.

TABEL 3.35 RESULTAAT VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NAME=TINGS (N) VAN SKOOLPRESTASIE

| Veranderlikes | $\bar{X}e9(v-n)$ | $\bar{X}k9(v-n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 0,375 | 1,917 | -0,64 | 0,5286 |
| | N = 16 | N = 12 | | G.V. = 26 |

Tabel 3.35 bevestig dit wat reeds in die vorige paragraaf gemeld is, naam=lik dat daar geen betekenisvolle verskil tussen die st. 9 eksperimentele en -kontrolegroep ten opsigte van skoolprestasie bestaan het nie.

3.3.2.2.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

Tabel 3.35 toon aan dat die st. 9 eksperimentele en -kontrolegroep nie betekenisvol verskil het in skoolprestasie nie. Die nulhipotese word in die geval dus gehandhaaf naamlik dat daar geen verskil is tussen die skolastiese prestasie van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwik=kelingkursus gevolg het en Kleurling-hoërskoolleerlinge s'n wat nie so 'n kursus gevolg het nie.

Die leeskursus het skynbaar nie 'n positiewe effek op die skoolprestasie van die st. 9 eksperimentele groep uitgeoefen nie. Eweneens het dit nie die groep betekenisvol bevoordeel bo die st. 9 kontrolegroep wat nie aan die leeskursus onderwerp was nie.

Indien die gegewens ten opsigte van skoolprestasie tot dusver ondersoek en in oënskou geneem word, wil dit weer eens voorkom asof die st. 8 ek=sperimentele groep 'n meer betekenisvolle bydrae as die st. 9 eksperimentele groep tot die globale verbetering in skoolprestasie gelewer het.

Ten einde hier meer krities tussen die st. 8-en st. 9-groepe te onderskei, word die groepe se skoolprestasie vervolgens in tabelle 3.36 tot 3.40 met mekaar vergelyk.

3.3.2.3 Standerd 8- en standerd 9-kontrolegroep

TABEL 3.36 RESULTAAT VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9-KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN HUL VORIGE GEMIDDELDE SKOOLPRESTASIE (V)

| Veranderlike | $\bar{X}k8(v)$ | $\bar{X}k9(v)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 49,000 | 44,750 | 40,5 | 0,0246* |
| | N = 14 | N = 12 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

TABEL 3.37 RESULTAAT VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9-KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN HULLE SKOOLPRESTASIE IN NOVEMBER 1984 (N)

| Veranderlike | $\bar{X}k8(n)$ | $\bar{X}k9(n)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 47,143 | 42,833 | 58,5 | 0,1893 |
| | N = 14 | N = 12 | | |

3.3.2.4 Standerd 8 en 9 eksperimentele groep

TABEL 3.38 RESULTAAT VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9 EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN HUL VORIGE GEMIDDELDE SKOOLPRESTASIE (V)

| Veranderlike | $\bar{X}e8(v)$ | $\bar{X}e9(v)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 51,000 | 52,812 | 103 | 0,4999 |
| | N = 15 | N = 16 | | |

TABEL 3.39 RESULTAAT VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9 EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN HULLE SKOOLPRESTASIE IN NOVEMBER 1984 (N)

| Veranderlike | $\bar{X}$e8(n) | $\bar{X}$e9(n) | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | 55,267 | 52,438 | 104,5 | 0,5394 |
| | N = 15 | N = 16 | | |

TABEL 3.40 RESULTAAT VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9 EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NAMETINGS (N) IN HUL SKOOLPRESTASIE

| Veranderlike | $\bar{X}$e8(v-n) | $\bar{X}$e9(v-n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Skolastiese prestasie | -4,267 | 0,375 | -2,05 | 0,0498* |
| | N = 15 | N = 16 | | G.V. = 29 |

*Beduidend op die 5%-peil

Uit tabel 3.36 tot 3.40 kan die volgende afgelei word:

a) Alhoewel alle steekproewe ewekansig verkry is, het die st. 8- en st. 9-kontrolegroep nie gelykmatig presteer ten opsigte van hul vorige gemiddelde skolastiese prestasie nie (tabel 3.36).

b) Die st. 8 en st. 9 eksperimentele groep het wel gelykgeskakel ten opsigte van hul vorige gemiddelde skolastiese prestasie (tabel 3.38).

c) Tabel 3.39 toon dat daar geen betekenisvolle verskille voorgekom het tussen die st. 8 en st. 9 eksperimentele groepe ten opsigte van Novem= ber 1984-skoolprestasie nie. Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat daar nie aanvaar kan word dat die st. 8 eksperimentele groep 'n betekenisvoller bydrae as die st. 9 eksperimentele groep gelewer het ten opsigte van die globale verbetering (gesamentlike eksperimentele groep) in skoolprestasie nie. Indien daar egter na die resultaat van tabel 3.40 gekyk word, is dit duidelik dat die verbetering in

skoolprestasie by die st. 8 eksperimentele groep tog beduidend hoër was as die verandering wat by die st. 9 eksperimentele groep ingetree het. (Die skoolprestasie van die st. 8 eksperimentele groep het met 4,267% verbeter terwyl dié van die st. 9 eksperimentele groep met 0,3750% gedaal het.

Die rede vir die verbetering in skoolprestasie van die gesamentlike ek= sperimentele groep (dit wil sê st. 8 en st. 9 leerlinge tesame) kan aan die volgende toegeskryf word:

i) Die st. 8 eksperimentele groep het sodanig gebaat by die leeskursus dat hulle skoolprestasie betekenisvol verbeter het (4,267%).

ii) Die st. 9 eksperimentele groep het gebaat by die leeskursus in die sin dat, alhoewel hul skoolprestasie nie betekenisvol verbeter het nie, daar eweneens nie 'n ernstige afname (slegs 0,375%) in hul punte was soos by beide die st. 8- en st. 9-kontrolegroep (die groepe wat nie aan die leeskursus onderwerp was) nie.

iii) Die afname van die gesamentlike kontrolegroep het dus verder daartoe bygedra dat 'n betekenisvolle verbetering ten opsigte van skoolpres= tasie by die gesamentlike eksperimentele groep na vore geforseer is.

### 3.3.3 Samevatting

Die leeskursus het 'n sodanige effek op die skoolprestasie van die gesa= mentlike eksperimentele groep gehad dat hulle betekenisvol beter as die gesamentlike kontrolegroep presteer het.

Die grootste bydrae tot die verbetering is egter deur die st. 8 eksperimentele groep gelewer wat waarskynlik meer as die st. 9 eksperimentele groep ge= baat het by die leeskursus ten opsigte van verbeteringe in skoolprestasie.

## 3.4 OPNAME VAN STUDIEGEWOONTES EN -HOUDINGS

### 3.4.1 Globale uiteensetting van die tellings behaal in die OSGH

#### 3.4.1.1 Gesamentlike kontrolegroep (GK)

TABEL 3.4.1 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE GESAMENTLIKE KONTROLEGROEP (GK) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH

| Veranderlikes | $\bar{X}gk(v)$ | $\bar{X}gk(n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 47,231 | 41,154 | 1,41 | 0,1712 |
| Werkmetodes | 45,769 | 50,077 | -0,75 | 0,4618 |
| Studiegewoontes | 46,923 | 44,032 | 0,32 | 0,7534 |
| Onderwysergoedkeuring | 32,269 | 20,461 | 2,85 | 0,0086* |
| Aanvaarding van onderwys | 42,961 | 29,423 | 2,89 | 0,0079* |
| Studiehoudings | 36,692 | 22,423 | 3,19 | 0,0038* |
| Studie-oriëntasie | 41,077 | 29,461 | 2,52 | 0,0183* |
| | N = 26 | | | G.V. = 25 |

*Beduidend op die 5%-peil

Die gesamentlike kontrolegroep wat nie die leeskursus deurloop het nie, het tydens die natoetsing beduidend laer tellings behaal ten opsigte van onderwysergoedkeuring asook die aanvaarding van onderwys en studiehoudings. Dit het dan tot gevolg gehad dat hul studie-oriëntasie oor die algemeen ook beduidend verswak het.

3.4.1.2 Gesamentlike eksperimentele groep (GE)

TABEL 3.42 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE GROEP (GE) TEN OPSIGTE VAN HULLE TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH

| Veranderlikes | $\bar{X}ge(v)$ | $\bar{X}ge(n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 51,871 | 47,806 | 0,96 | 0,3425 |
| Werkmetodes | 50,290 | 60,839 | -2,27 | 0,0304* |
| Studiegewoontes | 52,452 | 54,839 | -0,56 | 0,5774 |
| Onderwysergoedkeuring | 46,419 | 40,387 | 1,23 | 0,2286 |
| Aanvaarding van onderwys | 55,258 | 55,226 | 0,01 | 0,9929 |
| Studiehoudings | 50,452 | 46,806 | 0,96 | 0,3453 |
| Studie-oriëntasie | 51,677 | 50,097 | 0,41 | 0,6879 |
| | N = 31 | | | G.V. = 30 |

*Beduidend op die 5%-peil

Slegs in werkmetodes het die gesamentlike eksperimentele groep beduidend hoër tellings behaal tydens die natoetsing. Alhoewel daar nie 'n algehele verbetering in studiegewoontes en -houdings ingetree het nie, het daar ook nie 'n verswakking soos by die kontrolegroep ingetree nie. Dit lyk dus of die leeskursus aan die leerlinge in die gesamentlike eksperimentele groep deurgaans die nodige aanmoediging en motivering verskaf het om 'n konstantheid ten opsigte van algehele studie-oriëntasie te handhaaf.

Bogenoemde aspek tesame met 'n verbetering in leesvermoë kan 'n belangrike rede wees waarom daar ook 'n verbetering in skoolprestasie by die gesamentlike eksperimentele groep ingetree het, teenoor daling wat by die gesamentlike kontrolegroep voorgekom het.

### 3.4.1.3 Gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep

TABEL 3.43 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLE=GROEPE TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Veranderlikes | $\bar{X}$ge(v) | $\bar{X}$gk(v) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 51,871 | 47,231 | 0,68 | 0,4979 |
| Werkmetodes | 50,290 | 45,769 | 0,61 | 0,5427 |
| Studiegewoontes | 52,452 | 46,923 | 0,75 | 0,4545 |
| Onderwysergoedkeuring | 46,419 | 32,269 | 1,82 | 0,0737 |
| Aanvaarding van onderwys | 55,258 | 42,961 | 1,64 | 0,1057 |
| Studieverhoudings | 50,452 | 36,692 | 1,80 | 0,0779 |
| Studie-oriëntasie | 51,677 | 41,077 | 1,39 | 0,1703 |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

Bogenoemde tabel toon dat daar geen betekenisvolle verskil tussen die twee groepe voorgekom het nie, alhoewel die gesamentlike eksperimentele groep oor die algemeen effens hoër tellings as die gesamentlike kontrole=groep behaal het. Hieruit kan dus afgelei word dat die twee groepe gelyk=geskakel het by die voortoetsing met die OSGH.

TABEL 3.44 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLE=GROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Veranderlikes | $\bar{X}$ge(n) | $\bar{X}$gk(n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 47,806 | 41,154 | 0,96 | 0,3390 |
| Werkmetodes | 60,839 | 50,077 | 1,39 | 0,1714 |
| Studiegewoontes | 54,839 | 44,038 | 1,32 | 0,1921 |
| Onderwysergoedkeuring | 40,387 | 20,461 | 2,97 | 0,0041* |
| Aanvaarding van onderwys | 55,226 | 29,423 | 3,60 | 0,0007* |
| Studiehoudings | 46,806 | 22,423 | 3,53 | 0,0009* |
| Studie-oriëntasie | 50,097 | 29,461 | 2,87 | 0,0059* |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

Die gesamentlike eksperimentele groep het, wanneer hulle met die gesament=like kontrolegroep vergelyk word, ten opsigte van die meeste veranderlikes ondersoek, 'n verbetering in die natoetsing getoon.

Die betekenisvolle verbetering by die gesamentlike eksperimentele groep was in die volgende veranderlikes, naamlik onderwysergoedkeuring, aanvaar=ding van onderwys, studiehouding en algehele studie-oriëntasie. Indien daar egter krities na die gegewens gekyk word, blyk dit egter dat bogenoemde beduidende verskille nie soseer as gevolg van verbetering by die gesament=like eksperimentele groep is nie, maar grootliks gemanifesteer het as gevolg van 'n verswakking wat by die gesamentlike kontrolegroep ingetree het.

Ten einde te bepaal is watter mate die gesamentlike eksperimentele groep bo die gesamentlike kontrolegroep wat betref studiegewoontes en -houdings bevoordeel is, word die OSGH-gegewens verder aan die hand van tabel 3.45 ondersoek.

TABEL 3.45 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) MET DIE OSGH

| Veranderlikes | $\bar{X}$ge(v-n) | $\bar{X}$gk(v-n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 4,0645 | 6,08 | -0,33 | 0,7413 |
| Werkmetodes | -10,5484 | -4,3077 | -0,85 | 0,3973 |
| Studiegewoontes | - 2,387 | 2,884 | -0,61 | 0,5475 |
| Onderwysergoedkeuring | 6,032 | 11,807 | -0,88 | 0,3830 |
| Aanvaarding van onderwys | 0,0323 | 13,538 | -2,32 | 0,0241* |
| Studiehoudings | 3,645 | 14,269 | -1,82 | 0,0727 |
| Studie-oriëntasie | 1,581 | 11,615 | -1,68 | 0,0994 |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

Tabel 3.45 neutraliseer in 'n mate die bevindings van tabel 3.44 in dié sin dat die vergelyking tussen die verskille wat ontstaan het tussen die voor- en natoetstellings van die gesamentlike eksperimentele en kontrole=

groep net beduidend was ten opsigte van aanvaarding van onderwys.

Die teenspraak kan voortspruit uit die feit dat daar tydens die voortoetsing reeds aanduidings was dat die gesamentlike eksperimentele groep beter punte behaal het as die gesamentlike kontrolegroep (alhoewel die verskille nie betekenisvol was nie).

'n Geringe verbetering, enersyds by die een groep (GE) of verswakking van die ander groep (GK) andersyds, sou die reeds bestaande verskille vergroot tot betekenisvolle verskille. (Sien tabel 3.43 en tabel 3.44.)

3.4.1.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

Die gesamentlike interpretasie van tabel 3.44 en 3.45 toon dat daar in hoogstens vier van die moontlike sewe veranderlikes (dit wil sê > 40%) wat deur die OSGH gemeet is, betekenisvolle verskille tussen die gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep voorgekom het. In die lig van bogenoemde moet die alternatiewe hipotese aanvaar word, naamlik dat Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwikkelingskursus gevolg het, verskil ten opsigte van studiegewoontes en -houdings van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat nie so 'n kursus gevolg het nie.

Dit kom dus voor asof die leeskursus wel die gesamentlike eksperimentele groep betekenisvol bevoordeel het bo die gesamentlike kontrolegroep wat nie die leeskursus deurloop het nie ten opsigte van studiegewoontes en -houdings.

### 3.4.2 Reduksionistiese uiteensetting van die tellings behaal in die OSGH

#### 3.4.2.1 Standerd 8-steekproef

##### 3.4.2.1.1 Standerd 8-kontrolegroep (K8)

TABEL 3.46 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE ST. 8-KONTROLEGROEP (K8) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH

| Veranderlikes | $\bar{X}$k8(v) | $\bar{X}$k8(n) | T | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 50,000 | 39,286 | 28,50 | 0,1319 |
| Werkmetodes | 45,357 | 48,357 | 45,00 | 0,9721 |
| Studiegewoontes | 48,571 | 41,786 | 28,00 | 0,2213 |
| Onderwysergoedkeuring | 27,000 | 14,786 | 26,50 | 0,1026 |
| Aanvaarding van onderwys | 42,143 | 28,214 | 16,50 | 0,0776 |
| Studiehoudings | 32,857 | 18,143 | 21,0 | 0,0869 |
| Studie-oriëntasie | 39,286 | 26,500 | 17,50 | 0,0504 |
| | N = 14 | | | |

Alhoewel die st. 8-kontrolegroep byna deurgaans swakker tellings ten opsigte van studiegewoontes en -houdings tydens die natoetsing behaal het, was hier= die verswakking egter nie betekenisvol wanneer dit met die groep se voor= toetstelling vergelyk word nie.

3.4.2.1.2 Standerd 8 eksperimentele groep (E8)

TABEL 3.47 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL= LE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE STANDERD 8 EKSPERIMENTELE GROEP (E8) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH

| Veranderlikes | $\bar{X}$e8(v) | $\bar{X}$e8(n) | T | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 55,867 | 54,133 | 52,5 | 0,6701 |
| Werkmetodes | 61,933 | 64,733 | 46,0 | 0,6832 |
| Studiegewoontes | 61,400 | 61,133 | 41,0 | 0,7532 |
| Onderwysergoedkeuring | 54,067 | 42,733 | 16,5 | 0,0776 |
| Aanvaarding van onderwys | 67,600 | 67,067 | 44,5 | 0,9443 |
| Studiehoudings | 60,467 | 54,333 | 31,5 | 0,1874 |
| Studie-oriëntasie | 62,200 | 57,467 | 29,0 | 0,4328 |
| | N = 15 | | | |

Die st. 8 eksperimentele groep het (gemeet teen die 5%-beduidendheidspeil) geen betekenisvolle verandering in hulle studiegewoontes en -houdings onder= gaan nie.

3.4.2.1.3 Standerd 8 eksperimentele en -kontrolegroep

TABEL 3.48 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KON= TROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Veranderlikes | $\bar{X}$e8(v) | $\bar{X}$k8(v) | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 55,867 | 50,000 | 88,0 | 0,4570 |
| Werkmetodes | 61,933 | 45,357 | 72,0 | 0,1489 |
| Studiegewoontes | 61,400 | 48,571 | 76,0 | 0,2046 |
| Onderwysergoedkeuring | 54,067 | 27,000 | 56,0 | 0,0320* |
| Aanvaarding van onderwys | 67,600 | 42,143 | 47,0 | 0,0111* |
| Studiehoudings | 60,467 | 32,857 | 50,5 | 0,0167* |
| Studie-oriëntasie | 62,200 | 39,286 | 59,0 | 0,0441* |
| | N = 15 | N = 14 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Tabel 3.48 toon aan dat die st. 8 eksperimentele en -kontrolegroep nie gelykgeskakel was ten opsigte van hul voortoetstellings in die OSGH nie. Die st. 8-kontrolegroep het beduidend swakker tellings behaal in onderwysergoedkeuring, aanvaarding van onderwys, studiehoudings en studie-oriëntasie.

Die bevinding dui daarop dat die natoetsresultate, wat gunstiger vir die st. 8 eksperimentele groep behoort te vertoon, met omsigtigheid interpreteer moet word. Ten einde 'n beter evaluasie van die gegewens te maak, sal die twee groepe dus in tabel 3.49 ook ten opsigte van die natoetsresultate met mekaar vergelyk word.

TABEL 3.49 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Veranderlikes | $\bar{X}e8(n)$ | $\bar{X}k8(n)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 54,133 | 39,286 | 69,5 | 0,1201 |
| Werkmetodes | 64,733 | 48,357 | 71,5 | 0,1424 |
| Studiegewoontes | 61,133 | 41,786 | 68,0 | 0,1051 |
| Onderwysergoedkeuring | 42,733 | 14,786 | 47,0 | 0,0109* |
| Aanvaarding van onderwys | 67,067 | 28,214 | 31,5 | 0,0013* |
| Studiehoudings | 54,333 | 18,143 | 33,5 | 0,0018* |
| Studie-oriëntasie | 57,467 | 26,500 | 57,5 | 0,0372* |
| | N = 15 | N = 14 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die betekenisvolle verskille in tabel 3.49 kan nie soseer toegeskryf word aan die effek van die leeskursus nie, omdat daar reeds tydens die voortoetsing (tabel 3.48) betekenisvolle verskille in dieselfde veranderlikes teenwoordig was tussen die twee groepe.

Indien die gegewens van tabel 3.48 en 3.49 krities met mekaar vergelyk word, blyk dit egter dat die st. 8 kontrolegroep 'n drastiese verswakking in hul natoetstelling manifesteer. Hierteenoor openbaar die st. 8 eksperi=

mentele groep 'n groter konstantheid tussen voor- en natoetstellings.

Ten einde 'n meer presiese beeld te verkry van die verandering wat in die twee groepe tussen voor- en natoetsing plaasgevind het, is die gegewens in tabel 3.50 kritieser ontleed.

TABEL 3.50 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSTELLINGS (N) IN DIE OSGH

| Veranderlikes | $\bar{X}e8(v-n)$ | $\bar{X}k8(v-n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 1,733 | 10,714 | -0,92 | 0,3656 |
| Werkmetodes | -2,800 | -3,000 | 0,02 | 0,9856 |
| Studiegewoontes | 0,267 | 6,786 | -0,62 | 0,5399 |
| Onderwysergoedkeuring | 11,333 | 12,214 | -0,10 | 0,9232 |
| Aanvaarding van onderwys | 0,533 | 13,929 | -1,53 | 0,1364 |
| Studiehoudings | 6,133 | 14,714 | -1,02 | 0,3168 |
| Studie-oriëntasie | 4,733 | 12,786 | -0,89 | 0,3811 |
| | N = 15 | N = 14 | | G.V. = 27 |

Die verandering wat voorgekom het tussen die voor- en natoetsing van die st. 8 eksperimentele groep verskil nie betekenisvol van die verandering wat voorgekom het tussen die voor- en natoetsing van die st. 8-kontrole=groep nie.

Tabel 3.50 bevestig dus die bevindings, soos uiteengesit onder tabel 3.49, naamlik dat die st. 8 eksperimentele groep geensins ten opsigte van studie=gewoontes en -houdings beduidend meer as die st. 8-kontrolegroep gebaat het bloot omdat eersgenoemde groep die leeskursus bygewoon het nie.

Die leeskursus het dus nie die st. 8 eksperimentele groep betekenisvol bo die st. 8-kontrolegroep bevoordeel ten opsigte van studiegewoontes en houdings nie.

3.4.2.1.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

In die lig van bostaande bespreking waauit dit blyk dat die leeskursus geensins die st. 8 eksperimentele groep betekenisvol bo st. 8-kontrolegroep bevoordeel het ten opsigte van resultate in die OSGH nie, moet die nulhipo= tese, naamlik dat daar geen verskil is tussen die studiegewoontes en -houdings van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwikkelingskursus deurloop het en Kleurling-hoërskoolleerlinge wat nie so 'n kursus gevolg het nie, dus aanvaar word.

Ten spyte van die feit dat die st. 8 eksperimentele groep 'n konstantheid in hul voor- en natoetstellings getoon het in vergelyking met die st. 8-kontrolegroep wat opsigtelik swakker natoetstellings getoon het, in die meeste van die veranderlikes wat deur die OSGH gemeet word, was hierdie konstantheid egter nie voldoende om as 'n betekenisvolle verbetering te manifesteer nie.

Hierdie bevinding is in teenstelling met die algemene verwagting, aangesien die leeskursus in vele opsigte voorsiening maak vir doeltreffende lees- en studiemetodevoorligting.

3.4.2.2 Standerd 9-steekproef

3.4.2.2.1 Standerd 9-kontrolegroep (K9)

TABEL 3.51 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE ST. 9-KONTROLEGROEP (K9) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH

| Veranderlikes | $\bar{X}k9(v)$ | $\bar{X}k9(n)$ | T | Beduidendheids= peil |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 44,000 | 43,333 | 38,0 | 0,9375 |
| Werkmetodes | 46,250 | 52,083 | 19,0 | 0,3863 |
| Studiegewoontes | 45,000 | 46,667 | 33,0 | 0,6401 |
| Onderwysergoedkeuring | 38,417 | 27,083 | 5,0 | 0,0218* |
| Aanvaarding van onderwys | 43,917 | 30,833 | 13,50 | 0,0455* |
| Studiehoudings | 41,167 | 27,417 | 4,5 | 0,0191* |
| Studie-oriëntasie | 43,167 | 32,917 | 17,0 | 0,0844 |
| | N = 12 | | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Uit tabel 3.51 blyk dit dat die st. 9-kontrolegroep 'n aansienlik laer tel= ling in algehele studie-oriëntasie behaal het met die natoetsing, alhoewel dit nie betekenisvol is nie. Dit spruit voort uit die feit dat die st. 9-kontrolegroep betekenisvol verswak het in onderwysergoedkeuring, aanvaar= ding van onderwys en daarmee saam dus ook studiehoudings.

Die groep se tellings ten opsigte van aspekte wat studiegewoontes meet, het egter redelik konstant vertoon.

3.4.2.2.2 Standerd 9 eksperimentele groep (E9)

TABEL 3.52 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VER= SKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE GROEP (E9) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH

| Veranderlikes | $\bar{X}e9(v)$ | $\bar{X}e9(n)$ | T | Beduidendheids= peil |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 48,125 | 41,875 | 29,5 | 0,1488 |
| Werkmetodes | 39,375 | 57,187 | 20,5 | 0,0249* |
| Studiegewoontes | 44,062 | 48,937 | 32,0 | 0,5829 |
| Onderwysergoedkeuring | 39,250 | 38,187 | 49,0 | 0,8261 |
| Aanvaarding van onderwys | 43,687 | 44,125 | 49,0 | 0,8261 |
| Studiehoudings | 41,062 | 39,750 | 46,5 | 0,7064 |
| Studie-oriëntasie | 41,812 | 43,187 | 37,5 | 0,9063 |
| | N = 16 | | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die st. 9 eksperimentele groep het 'n beduidende verbetering getoon ten opsigte van een van die veranderlikes, naamlik werkmetodes.

Ten gunste van die st. 9 eksperimentele groep kan gesê word dat hulle 'n redelike konstantheid vertoon het in hul studiegewoontes en -houdings, terwyl die st. 9-kontrolegroep (tabel 3.51) geneig het tot swakker studie= gewoontes en -houdings.

### 3.4.2.2.3 Standerd 9 eksperimentele en -kontrolegroep

TABEL 3.53 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE EN -KON= TROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Veranderlikes | $\bar{X}e9(v)$ | $\bar{X}k9(n)$ | U | Beduidendheids= peil |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 48,125 | 44,000 | 90,5 | 0,5756 |
| Werkmetodes | 39,375 | 46,250 | 85,5 | 0,6247 |
| Studiegewoontes | 44,062 | 45,000 | 94,5 | 0,9443 |
| Onderwysergoedkeuring | 39,250 | 38,417 | 91,0 | 0,8157 |
| Aanvaarding van onderwys | 43,687 | 43,917 | 92,5 | 0,8703 |
| Studiehoudings | 41,062 | 41,167 | 95,0 | 0,9628 |
| Studie-oriëntasie | 41,812 | 43,167 | 88,5 | 0,7269 |
| | N = 16 | N = 12 | | |

Die st. 9 eksperimentele en -kontrolegroep het gelykgeskakel ten opsigte van hul voortoetstellings in die OSGH.

TABEL 3.54 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE EN -KON= TROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Veranderlikes | $\bar{X}e9(n)$ | $\bar{X}k9(n)$ | U | Beduidendheids= peil |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 41,875 | 43,333 | 84,0 | 0,5756 |
| Werkmetodes | 57,187 | 52,083 | 86,5 | 0,6575 |
| Studiegewoontes | 48,937 | 46,667 | 81,0 | 0,4786 |
| Onderwysergoedkeuring | 38,187 | 27,083 | 91,0 | 0,8157 |
| Aanvaarding van onderwys | 44,125 | 30,833 | 72,5 | 0,2737 |
| Studiehoudings | 39,750 | 27,417 | 73,0 | 0,2841 |
| Studie-oriëntasie | 43,187 | 32,917 | 81,0 | 0,4846 |
| | N = 16 | N = 12 | | |

Ook wat betref die natoetstellings het daar nie 'n betekenisvolle verskil tussen die twee groepe se tellings in die OSGH voorgekom nie.

In tabel 3.55 word bostaande inligting nader ontleed.

TABEL 3.55 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSTELLINGS (N) IN DIE OSGH

| Veranderlikes | $\bar{X}e9(v-n)$ | $\bar{X}k9(v-n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 6,250 | 0,667 | 0,78 | 0,4434 |
| Werkmetodes | -17,813 | -5,833 | -1,26 | 0,2199 |
| Studiegewoontes | - 4,875 | -1,967 | -0,08 | 0,9357 |
| Onderwysergoedkeuring | 1,063 | 11,333 | -1,06 | 0,2983 |
| Aanvaarding van onderwys | - 0,438 | 13,083 | -1,69 | 0,1037 |
| Studiehoudings | 1,313 | 13,750 | -1,49 | 0,1477 |
| Studie-oriëntasie | - 1,375 | 10,250 | -1,44 | 0,1608 |
| | N = 16 | N = 12 | | G.V. = 26 |

Die verskille wat voorgekom het tussen die voor- en natoetstellings van die st. 9 eksperimentele groep verskil nie betekenisvol van die verskille wat voorgekom het tusen die st. 9-kontrolegroep se voor- en natoetstellings nie.

3.4.2.2.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

Wanneer die st. 9 eksperimentele groep vergelyk word met die st. 9-kontrole= groep, toon die resultate dat die nulhipotese weer eens aanvaar moet word: dit wil sê dat daar geen verskil tussen die studiegewoontes en -houdings is van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwikkelingskursus deurloop het en Kleurling-hoërskoolleerlinge wat nie so 'n kursus gevolg het nie.

Die leeskursus het die st. 9 eksperimentele groep dus nie betekenisvol bevoordeel bo die st. 9-kontrolegroep wat betref studiegewoontes en -hou= dings nie. Soos reeds gemeld, was 'n verbetering wel by die st. 9 eksperimen=

tele groep te wagte, aangesien studiemetodevoorligting 'n integrerende deel uitmaak van die leeskursus wat op hulle toegepas is.

3.4.2.3 Standerd 8- en 9-kontrolegroep

TABEL 3.56 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9-KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH TYDENS DIE VOOR=TOETSING (V)

| Veranderlikes | $\bar{X}$k8(v) | $\bar{X}$k9(v) | U | Beduidendheids=peil |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 50,000 | 44,000 | 74,5 | 0,6237 |
| Werkmetodes | 45,357 | 46,250 | 83,5 | 0,9794 |
| Studiegewoontes | 48,571 | 45,000 | 81,0 | 0,8769 |
| Onderwysergoedkeuring | 27,000 | 38,417 | 73,0 | 0,5691 |
| Aanvaarding van onderwys | 42,143 | 43,917 | 77,0 | 0,7170 |
| Studiehoudings | 32,857 | 41,167 | 76,0 | 0,6786 |
| Studie-oriëntasie | 39,286 | 43,167 | 75,5 | 0,6612 |
| | N = 14 | N = 12 | | |

TABEL 3.57 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9-KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH TYDENS DIE NATOET=SING (N)

| Veranderlikes | $\bar{X}$k8(n) | $\bar{X}$k9(n) | U | Beduidendheids=peil |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 39,286 | 43,333 | 72,5 | 0,5487 |
| Werkmetodes | 48,357 | 52,083 | 80,0 | 0,8364 |
| Studiegewoontes | 41,786 | 46,667 | 65,5 | 0,3388 |
| Onderwysergoedkeuring | 14,786 | 27,083 | 77,0 | 0,7170 |
| Aanvaarding van odnerwys | 28,214 | 30,833 | 82,5 | 0,9382 |
| Studiehoudings | 18,143 | 27,417 | 64,5 | 0,3135 |
| Studie-oriëntasie | 26,500 | 32,917 | 67,5 | 0,3938 |
| | N = 14 | N = 12 | | |

3.4.2.4 Standerd 8 en standerd 9 eksperimentele groep

TABEL 3.58 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9 EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Veranderlikes | $\bar{X}e8(v)$ | $\bar{X}e9(v)$ | U | Beduidendheids=peil |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 55,867 | 48,125 | 98,0 | 0,3834 |
| Werkmetodes | 61,933 | 39,375 | 72,0 | 0,0571 |
| Studiegewoontes | 61,400 | 44,062 | 77,5 | 0,0914 |
| Onderwysergoedkeuring | 54,067 | 39,250 | 87,5 | 0,1897 |
| Aanvaarding van onderwys | 67,600 | 43,687 | 66,5 | 0,0338* |
| Studiehoudings | 60,467 | 41,062 | 72,5 | 0,0595 |
| Studie-oriëntasie | 62,200 | 41,812 | 72,0 | 0,0569 |
| | N = 15 | N = 16 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

TABEL 3.59 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9 EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE OSGH TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Veranderlikes | $\bar{X}e8(n)$ | $\bar{X}e9(n)$ | U | Beduidendheids=peil |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 54,133 | 41,875 | 95,0 | 0,3206 |
| Werkmetodes | 64,733 | 57,187 | 97,0 | 0,3617 |
| Studiegewoontes | 61,133 | 48,937 | 91,5 | 0,2588 |
| Onderwysergoedkeuring | 42,733 | 38,187 | 110,0 | 0,6919 |
| Aanvaarding van onderwys | 67,067 | 44,125 | 68,0 | 0,0393* |
| Studiehoudings | 54,333 | 39,750 | 87,5 | 0,1980 |
| Studie-oriëntasie | 57,467 | 43,187 | 88,5 | 0,2118 |
| | N = 15 | N = 16 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

TABEL 3.60 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9 EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSTELLINGS (N) IN DIE OSGH

| Veranderlikes | $\bar{X}e8(v-n)$ | $\bar{X}e9(v-n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Vermyding van uitstel | 1,733 | 6,250 | -0,53 | 0,6007 |
| Werkmetodes | -2,800 | -17,812 | 1,66 | 0,1070 |
| Studiegewoontes | 0,2667 | - 4,8750 | 0,60 | 0,5533 |
| Onderwysergoedkeuring | 11,333 | 1,063 | 1,05 | 0,3036 |
| Aanvaarding van onderwys | 0,533 | - 0,4375 | 0,13 | 0,8955 |
| Studiehoudings | 6,133 | 1,313 | 0,63 | 0,5354 |
| Studie-oriëntasie | 4,733 | - 1,375 | 0,78 | 0,4427 |
| | N = 15 | N = 16 | | G.V. = 29 |

Tabel 3.56 tot 3.60 is opgestel ten einde vollediger aan te toon of die st. 8. en st. 9 groep, wat ewekansig getrek is, wel gelykgeskakel was tydens die voortoetsing en ook om vas te stel of enige van die twee groepe daarna beduidend beter presteer het as die ander ten opsigte van die OSGH-tellings.

Tabel 3.58 toon aan dat die st. 8- en st. 9-kontrolegroep asook die st. 8 en st. 9 eksperimentele groep grootliks gelykgeskakel het tydens die voortoetsing met die OSGH.

Tabel 3.57, 3.59 en 3.60 toon aan dat nie een van die onderskeie subgroepe (st. 8- en st. 9-kontrolegroep of st. 8 en st. 9 eksperimentele groep) 'n meer betekenisvolle bydrae as enigeen van die ander groepe gelewer het nie.

### 3.4.3 Samevatting

Globaal gesien, wil dit wel voorkom asof die leeskursus die gesamentlike eksperimentele groep bevoordeel het bo die gesamentlike kontrolegroep ten opsigte van studiegewoontes en -houdings.

Reduksionisties gesien het daar egter geen opvallende verandering tussen die eksperimentele en kontrolegroep voorgekom nie. Ook het geeneen van

die subgroepe (st.8- en st. 9-kontrolegroep of st. 8 en st. 9 eksperimentele groep) 'n meer betekenisvolle bydrae as enigeen van die ander groepe gelewer ten opsigte van die tellings behaal in die OSGH nie.

Die waarde van die leeskursus vir die studiegewoontes en -houdings van die eksperimentele groep blyk daarin te lê dat daar wel 'n konstantheid gehandhaaf is ten opsigte van die tellings verkry in die OSGH tydens die voor- en natoetsing, terwyl die kontrolegroep met verloop van tyd al swakker studiehoudings openbaar het.

Soos blyk uit die literatuurstudie in hoofstuk 1 oor die vele faktore wat daartoe kon bydra dat lees- en leerontwikkeling nie altyd na wense is onder 'n groot persentasie van die Kleurlingbevolking nie, kan die lae tellings wat oor die algemeen in die OSGH behaal is, moontlik 'n verdere bevestigende aanduiding wees van die Kleurlingbevolking se *oriëntasie* teenoor opleiding.

## 3.5 AANLEG (Senior Aanlegtoetse)

### 3.5.1 Globale uiteensetting van tellings behaal in die SAT

#### 3.5.1.1 Gesamentlike kontrolegroep (GK)

TABEL 3.61 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE GESAMENTLIKE KONTROLEGROEP (GK) TEN OPSIGTE VAN HUL TELLINGS IN DIE SAT

| Aanlegte | $\bar{X}gk(v)$ | $\bar{X}gk(n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 3,692 | 4,077 | -1,21 | 0,2393 |
| Berekeninge | 4,192 | 5,000 | -2,80 | 0,0097* |
| Woordbou | 4,115 | 4,885 | -2,81 | 0,0094* |
| Vergelyking | 3,538 | 4,731 | -4,39 | 0,0002* |
| Patroonvoltooiing | 3,615 | 4,192 | -1,96 | 0,0613 |
| Figuurreekse | 3,385 | 4,154 | -2,70 | 0,0122* |
| Ruimtelik 2-D | 3,808 | 4,615 | -4,04 | 0,0005* |
| Ruimtelik 3-D | 3,577 | 3,423 | 0,61 | 0,5476 |
| Geheue (Paragraaf) | 4,962 | 5,500 | -1,05 | 0,3031 |
| Geheue (Simbole) | 4,038 | 4,962 | -2,70 | 0,0122* |
| Geskatte IK | 100,192 | 101,923 | -2,20 | 0,0370* |
| | N = 26 | | | G.V. = 25 |

*Beduidend op die 5%-peil

Die gesamentlike kontrolegroep het, behalwe in subtoetse 1, 8 en 9 betekenis=vol verbeter vanaf die voortoetsing na die natoetsing. Daar was ook in die geskatte IK 'n betekenisvolle verbetering. Dit moet in ag geneem word dat die groep nie aan 'n leeskursus onderwerp was nie. Die verbetering het dus spontaan ingetree. 'n Rede hiervoor mag wees dat die normbepaling vir die SAT gedurende die middel van die jaar gedoen is.

As die battery dus vroeër of later in die jaar toegepas word, moet dié feit in aanmerking geneem word by die interpretasie van toetsresultate, met die oog op die normale verstandelike ontwikkeling van toetslinge. Daar kan dus verwag word dat toetslinge aan die einde van die jaar effens beter sal presteer as wanneer hulle vroeër in die jaar getoets word (Fouche en Verwey, 1978).

3.5.1.2 Gesamentlike eksperimentele groep (GE)

TABEL 3.62 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSTELLINGS (N) VAN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE GROEP (GE) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT

| Aanlegte | $\bar{X}ge(v)$ | $\bar{X}ge(n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 3,484 | 5,258 | -6,79 | 0,000* |
| Berekeninge | 3,581 | 4,742 | -5,000 | 0,000* |
| Woordbou | 4,710 | 5,581 | -3,28 | 0,0026* |
| Vergelyking | 4,097 | 4,903 | -2,40 | 0,0227* |
| Patroonvoltooiing | 3,484 | 4,742 | -3,88 | 0,0005* |
| Figuurreekse | 3,839 | 4,806 | -4,22 | 0,0002* |
| Ruimtelik 2-D | 3,742 | 5,161 | -3,89 | 0,0005* |
| Ruimtelik 3-D | 3,258 | 3,806 | -2,28 | 0,0297* |
| Geheue (Paragraaf) | 5,065 | 5,548 | -1,52 | 0,1380 |
| Geheue (Simbole) | 4,742 | 5,387 | -2,13 | 0,0412* |
| Geskatte IK | 102,710 | 107,742 | -8,10 | 0,0000* |
| | N = 31 | | | G.V. = 30 |

*Beduidend op die 5%-peil

Behalwe in subtoets 9 van die SAT, het die gesamentlike eksperimentele groep deurgaans 'n betekenisvolle verbetering in hul natoetstellings getoon. By dié groep het die geskatte IK ook beduidend verhoog.

Hierdie verbetering kan nie summier toegeskryf word aan die effek van die leeskursus nie, aangesien daar reeds aangetoon is dat die gesamentlike kontrolegroep sonder die leeskursus ook betekenisvol in die meeste veranderlikes van die SAT verbeter het. Die faktore by die gesamentlike kontrolegroep aangetoon, kon dus ook vir die gesamentlike eksperimentele groep se verbetering verantwoordelik gewees het.

Aan die hand van die hieropvolgende tabelle sal duideliker uitsluitsel verkry word oor watter rol die leeskursus wel in die verbetering van die aanlegte van die gesamentlike eksperimentele groep gespeel het.

3.5.1.3 Gesamentlike eksperimentele en -kontrolegroep

TABEL 3.63 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN HUL TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| AANLEGTE | $\bar{X}ge(v)$ | $\bar{X}gk(v)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 3,484 | 3,692 | -0,58 | 0,5620 |
| Berekeninge | 3,580 | 4,192 | -1,56 | 0,1245 |
| Woordbou | 4,709 | 4,115 | 1,35 | 0,1830 |
| Vergelyking | 4,097 | 3,539 | 1,24 | 0,2195 |
| Patroonvoltooiing | 3,484 | 3,615 | -0,33 | 0,7410 |
| Figuurreekse | 3,839 | 3,385 | 1,11 | 0,2722 |
| Ruimtelik 2-D | 3,742 | 3,808 | -0,16 | 0,8774 |
| Ruimtelik 3-D | 3,258 | 3,577 | -0,74 | 0,4653 |
| Geheue (Paragraaf) | 5,064 | 4,961 | 0,20 | 0,8447 |
| Geheue (Simbole) | 4,742 | 4,038 | 1,88 | 0,0654 |
| Geskatte IK | 102,709 | 100,192 | 1,33 | 0,1878 |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

Tabel 3.63 toon aan dat die gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep gelykgeskakel was ten opsigte van hul voortoetstellings in die SAT.

TABEL 3.64 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLE=GROEP TEN OPSIGTE VAN HUL TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Aanlegte | $\bar{X}ge(n)$ | $\bar{X}gk(n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 5,258 | 4,077 | 2,50 | 0,0155* |
| Berekeninge | 4,742 | 5,000 | -0,54 | 0,5983 |
| Woordbou | 5,581 | 4,884 | 1,90 | 0,0625 |
| Vergelyking | 4,903 | 4,731 | 0,35 | 0,7256 |
| Patroonvoltooiing | 4,742 | 4,192 | 1,41 | 0,1638 |
| Figuurreekse | 4,806 | 4,152 | 1,23 | 0,2232 |
| Ruimtelik 2-D | 5,161 | 4,615 | 1,32 | 0,1912 |
| Ruimtelik 3-D | 3,806 | 3,423 | 0,75 | 0,4586 |
| Geheue (Paragraaf) | 5,548 | 5,500 | 0,09 | 0,9265 |
| Geheue (Simbole) | 5,387 | 4,961 | 1,17 | 0,2457 |
| Geskatte IK | 107,742 | 101,923 | 2,95 | 0,0046* |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

Tabel 3.64 toon aan dat, globaal gesien, die gesamentlike eksperimentele groep, wanneer hulle met die gesamentlike kontrolegroep vergelyk word, nie 'n betekenisvolle verbetering in aanleg (as gevolg van die effek van die leeskursus) getoon het nie.

Dit is egter opvallend dat die gesamentlike eksperimentele groep wel bete=kenisvol beter presteer het in verbale begrip. Hierdie subtoets verg van die toetsling om die verbale materiaal wat hy lees, te begryp, dit op logiese wyse te verwerk en 'n oplossing vir die probleem te vind. Hier=die subtoets meet hoofsaaklik die vermoë wat gewoonlik deur die verbale subtoets van algemene intelligensie gemeet word. Dit is dus oorwegend 'n meting van die Algemene Verstandsfaktor, G, wat gedefinieer kan word as die algemene peil van kognitiewe funksionering (Fouche en Vervey, 1978).

'n Verbetering in bogenoemde subtoets kan dan sekerlik ook gesien word as die belangrikste faktor wat veroorsaak het dat die gesamentlike eksperi= mentele groep se geskatte IK betekenisvol verbeter het na die leeskursus teenoor die gesamentlike kontrolegroep wat nie so 'n verbetering getoon het nie.

Alhoewel die leeskursus nie 'n betekenisvolle verandering ten opsigte van aanleg in sy geheel, soos gemeet deur die SAT, teweeggebring het nie, het dit tog wel 'n positiewe invloed gehad op die kognitiewe komponent daarvan.

Tabel 3.65 het dan ook ten doel om meer lig te werp op die mate waarin die leeskursus 'n rol gespeel het in die verbetering van aanleg, soos dit gemeet word deur die SAT.

TABEL 3.65 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KON= TROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSTELLINGS (N) IN DIE SAT

| Aanlegte | $\bar{X}$ge(v-n) | $\bar{X}$gk(v-n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | -1,7742 | 0,3846 | -3,40 | 0,0012* |
| Berekeninge | -1,1613 | -0,8077 | -0,97 | 0,3383 |
| Woordbou | -0,8710 | -0,7692 | -0,27 | 0,7915 |
| Vergelyking | -0,8065 | -1,1923 | 0,87 | 0,3879 |
| Patroonvoltooiing | -1,2581 | -0,5769 | -1,53 | 0,1319 |
| Figuurreekse | 0,9677 | -0,7692 | -0,55 | 0,5850 |
| Ruimtelik 2-D | -1,4193 | -0,8077 | -1,39 | 0,1687 |
| Ruimtelik 3-D | -0,5484 | 0,1538 | -2,01 | 0,0495* |
| Geheue (Paragraaf) | -0,4839 | -0,5385 | 0,09 | 0,9257 |
| Geheue (Simbole) | -0,6452 | -0,9231 | 0,61 | 0,5438 |
| Geskatte IK | -5,0323 | -1,7308 | -3,34 | 0,0015* |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

Die tabel 3.65 bevestig die bevindinge van tabel 3.64 - met die enkele byvoeging van subtoets 8 van die SAT (Ruimtelik 3-D). Die feit dat die

gesamentlike eksperimentele groep ook betekenisvol beter as die gesamentlike kontrolegroep presteer het in dié subtoets, mag 'n verdere rede wees waarom daar 'n betekenisvolle verbetering in die geskatte IK ingetree het aangesien hierdie subtoets se tellings ook in berekening gebring word by die uitwerk van die geskatte IK. Die toets meet die Algemene Redeneringsfaktor, R, en die Visualiseringsfaktor, $V^2$, (Fouche en Verwey, 1978).

### 3.5.1.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

Die leeskursus wat op die gesamentlike eksperimentele groep toegepas was, het nie soseer effek gehad op algemene aanleg soos gemeet deur die SAT nie. Die betekenisvolle veranderinge wat wel plaasgevind het in subtoets 1 en 8 asook in die geskatte IK, hou wel verband met die bydrae wat die leeskursus daartoe gelewer het. Daar kon egter verwag word dat daar ook ten opsigte van subtoets 4 (Vergelyking) 'n betekenisvolle verbetering sou plaasvind, aangesien dié toets veral toegespits is op die Visuele Perseptuele Spoedfaktor, P, waarvan spoed en akkuraatheid van waarneming van verskille en soortgelykheid van visuele konfigurasies die belangrikste kenmerk is (Fouche en Verwey, 1978).

'n Betekenisvolle verskil in hoogstens drie van die moontlike 11 veranderlikes wat deur die SAT gemeet is (die geskatte IK is bygebring as die 11de veranderlike) tussen die gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep is te gering om aan die kriteria vir eiesoortigheid te voldoen. Die nulhipotese word dus gehandhaaf, naamlik dat daar geen verskil is tussen die aanleg van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwikkelingskursus deurloop het en Kleurling-hoërskoolleerlinge wat nie so 'n kursus gevolg het nie.

Wat betref die geskatte IK-punt wat as 'n 11de veranderlike bygevoeg is, kan gemeld word dat die ondersoeker hom dit nie vooraf ten doel gestel het om die effek van 'n leesontwikkelingskursus op intelligensie as sodanig te ondersoek nie. Om dié rede is geen verdere intelligensietoetse ingesluit in die toetsbattery van die huidige ondersoek nie. Verder het die ondersoeker, ten spyte van 'n redelike hoë betroubaarheidskoëffisiënt van 0,87, dit as onvoldoende beskou om alleenlik deur middel van die geskatte IK-tellings uitsluitsel te kry oor moontlike hipoteses oor die effek van

die leeskursus op intelligensie.

Bogenoemde standpunt is ook gehuldig vanweë die feit dat McNemar (*in* Fouche en Verwey, 1978) sy bedenkinge uitspreek oor die toelaatbaarheid daarvan om sowel 'n algemene faktor (IK) as groepsfaktore (aanlegte) deur middel van dieselfde aanlegtoetsbattery te toets (Fouche en Verwey, 1978).

Op grond van Jensen (*in* Fouche en Verwey, 1978: 54) se standpunt: "When the term intelligence is used it should refer to G, the factor common to all tests of complex problem solving", kan die berekening van die ge= skatte IK-punt wel geregverdig word, omdat 'n aantal toetse in die SAT beskryf word as toetse waarin die oplossing van komplekse probleme vereis word. 'n Verdere regverdiging is die redelik hoë betroubaarheidskoëffisiënt van die geskatte IK-telling van 0,87. Dit wil dus vir die ondersoeker voorkom asof daar besliste aanduidings is dat groepe wat 'n leesontwik= kelingskursus deurloop het en dié wat nie so 'n kursus gevolg het nie, wel sal verskil ten opsigte van intelligensie indien so 'n hipotese daad= werklik ondersoek sou word.

3.5.2 Reduksionistiese uiteensetting van die tellings in die SAT

3.5.2.1 Standerd 8-steekproef

3.5.2.1.1 Standerd 8-kontrolegroep (K8)

TABEL 3.66 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE ST. 8-KONTROLEGROEP (K8) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT

| Aanlegte | $\bar{X}k8(v)$ | $\bar{X}k8(n)$ | T | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 3,643 | 3,714 | 38,0 | 0,9375 |
| Berekeninge | 4,071 | 5,214 | 3,0 | 0,0125* |
| Woordbou | 3,571 | 4,429 | 17,0 | 0,0844 |
| Vergelyking | 3,643 | 4,643 | 13,5 | 0,0253* |
| Patroonvoltooiing | 3,714 | 3,929 | 32,0 | 0,5829 |
| Figuurreekse | 2,857 | 3,643 | 12,0 | 0,0619 |
| Ruimtelik 2-D | 3,714 | 4,143 | 7,0 | 0,1235 |
| Ruimtelik 3-D | 3,357 | 3,357 | 22,0 | 0,9528 |
| Geheue (Paragraaf) | 5,357 | 5,500 | 24,5 | 0,7598 |
| Geheue (Simbole) | 4,357 | 4,786 | 10,0 | 0,4990 |
| Geskatte IK | 99,143 | 99,786 | 28,5 | 0,4101 |
| | N = 14 | | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die st. 8-kontrolegroep het 'n betekenisvolle verbetering tydens die natoetsing getoon in subtoets 2 (Berekeninge) en 4 (Vergelyking). Oor die algemeen het daar egter nie 'n drastiese verandering ten opsigte van aanleg by die st. 8-kontrolegroep plaasgevind nie.

3.5.2.1.2 Standerd 8 eksperimentele groep (E8)

TABEL 3.67 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VER= SKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE GROEP (E8) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT

| Aanlegte | $\bar{X}$e8(v) | $\bar{X}$e8(n) | T | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 3,600 | 5,133 | 2,0 | 0,0058* |
| Berekeninge | 3,667 | 4,533 | 17,5 | 0,0504 |
| Woordbou | 4,867 | 5,600 | 16,0 | 0,0712 |
| Vergelyking | 4,200 | 4,533 | 25,0 | 0,4769 |
| Patroonvoltooiing | 3,667 | 4,533 | 13,5 | 0,0830 |
| Figuurreekse | 3,800 | 4,733 | 5,0 | 0,0218* |
| Ruimtelik 2-D | 3,800 | 5,000 | 17,5 | 0,0504 |
| Ruimtelik 3-D | 3,200 | 3,733 | 4,0 | 0,0910 |
| Geheue (Paragraaf) | 5,667 | 5,200 | 23,5 | 0,2240 |
| Geheue (Simbole) | 4,600 | 5,733 | 5,0 | 0,0218* |
| Geskatte IK | 103,267 | 107,600 | 8,5 | 0,0057* |
| | N = 15 | | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die st. 8 eksperimentele groep het in drie van die tien SAT-veranderlikes betekenisvolle verbetering getoon, naamlik in subtoets 1 (Verbale begrip), 6 (Figuurreekse) en 10 (Geheue(Simbole)).

Dit is dus duidelik uit tabel 3.67 dat die verhoging in Verbale begrip en Figuurreekse gelei het tot die betekenisvolle verhoging in die geskatte IK aangesien dié twee subtoetse se resultate in aanmerking geneem word by die berekening van die geskatte IK.

Die verbetering ten opsigte van bogenoemde twee subtoetse, veral subtoets 1, kan moontlik direk verband hou met die invloed van die leeskursus. Globaal gesien kan die verbetering egter nie summier toegeskryf word aan die uitwerking van die leeskursus nie, aangesien die st. 8-kontolegroep

ook 'n verbetering in sekere van die subtoetse getoon het sonder dat hulle aan die leeskursus onderwerp was.

Die st. 8-kontrolegroep het teen die verwagting in 'n verbetering getoon in subtoets 4 (Vergelyking). So 'n verbetering kon eerder te wagte gewees het by die st. 8 eksperimentele groep, aangesien die Visuele Perseptuele Spoedfaktor, P, waarvan spoed en akkuraatheid van waarneming die belang=rikste kenmerk is, 'n aspek is wat baie aandag in die leeskursus ontvang het.

3.5.2.1.3 Standerd 8 eksperimentele en -kontrolegroep

TABEL 3.68 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Aanlegte | $\bar{X}e8(v)$ | $\bar{X}k8(v)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 3,600 | 3,643 | 103,5 | 0,9460 |
| Berekeninge | 3,667 | 4,071 | 89,0 | 0,4755 |
| Woordbou | 4,867 | 3,571 | 55,0 | 0,0250* |
| Vergelyking | 4,200 | 3,643 | 87,0 | 0,4250 |
| Patroonvoltooiing | 3,667 | 3,714 | 97,5 | 0,7292 |
| Figuurreekse | 3,800 | 2,857 | 64,0 | 0,0642 |
| Ruimtelik 2-D | 3,800 | 3,714 | 89,0 | 0,4704 |
| Ruimtelik 3-D | 3,200 | 3,357 | 99,5 | 0,8071 |
| Geheue (Paragraaf) | 5,667 | 5,357 | 100,5 | 0,8359 |
| Geheue (Simbole) | 4,600 | 4,357 | 95,0 | 0,6546 |
| Geskatte IK | 103,267 | 99,143 | 67,0 | 0,0969 |
| | N = 15 | N = 14 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die ewekansig getrekte st. 8 eksperimentele en -kontrolegroep is, behalwe in subtoets 3 (Woordbou), gelykgeskakel ten opsigte van hul tellings behaal in die SAT tydens die voortoetsing.

Die beduidende verskil in subtoets 3 (Woordbou) bring mee dat die natoets=resultate wat betref subtoets 3, gunstiger by die st. 8 eksperimentele groep vertoon. Dit sal met die nodige omsigtigheid interpreteer moet word (Sien tabel 3.69.)

TABEL 3.69 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Aanlegte | $\bar{X}e8(n)$ | $\bar{X}k8(n)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 5,133 | 3,714 | 65,0 | 0,0751 |
| Berekeninge | 4,533 | 5,214 | 81,5 | 0,2965 |
| Woordbou | 5,600 | 4,429 | 48,5 | 0,0110* |
| Vergelyking | 4,533 | 4,643 | 99,5 | 0,8066 |
| Patroonvoltooiing | 4,533 | 3,929 | 76,0 | 0,1958 |
| Figuurreekse | 4,733 | 3,643 | 75,0 | 0,1794 |
| Ruimtelik 2-D | 5,000 | 4,143 | 73,5 | 0,1553 |
| Ruimtelik 3-D | 3,733 | 3,357 | 90,0 | 0,5067 |
| Geheue (Paragraaf) | 5,200 | 5,500 | 86,0 | 0,3974 |
| Geheue (Simbole) | 5,733 | 4,786 | 76,5 | 0,1988 |
| Geskatte IK | 107,600 | 99,786 | 53,0 | 0,0230* |
| | N = 15 | N = 14 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die betekenisvolle verbetering in subtoets 3 (Woordbou) deur die st. 8 eksperimentele groep kan nie soseer toegeskryf word aan die effek van die leeskursus op die st. 8 eksperimentele groep nie, aangesien die verskil reeds tydens die voortoetsing teenwoordig was.

Die beduidend beter geskatte IK van die st. 8 eksperimentele groep in tabel 3.69 hou grootliks verband met die neiging by die st. 8 eksperimen=tele groep om in die natoetsing in die meeste van die veranderlikes verbe=tering te toon. Alhoewel hierdie verbetering nie deurgaans betekenisvol was nie, was dit die verbetering in veral subtoets 1 (Verbale begrip),

3 (Woordbou), 5 (Patroonvoltooiing), 6 (Figuurreekse) en 8 (Ruimtelik 3-D) wat tot die verhoging bygedra het, aangesien dié vyf subtoetse opge= neem is in die formule vir die berekening van die SAT se geskatte IK.

TABEL 3.70 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETS= TELLINGS (N) IN DIE SAT

| Aanlegte | $\bar{X}$e8(v-n) | $\bar{X}$k8(v-n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | -1,5333 | -0,0714 | -2,62 | 0,0141* |
| Berekeninge | -0,8667 | -1,1429 | 0,54 | 0,5947 |
| Woordbou | -0,7333 | -0,8571 | 0,23 | 0,8166 |
| Vergelyking | -0,3333 | -1,000 | 1,09 | 0,2860 |
| Patroonvoltooiing | -0,8667 | -0,2143 | -1,12 | 0,2717 |
| Figuurreekse | -0,9333 | 0,7857 | -0,30 | 0,7664 |
| Ruimtelik 2-D | -1,2000 | -0,4286 | -1,19 | 0,2435 |
| Ruimtelik 3-D | -0,5333 | 0,000 | -1,21 | 0,2353 |
| Geheue (Paragraaf) | 0,4667 | -0,1429 | 0,73 | 0,4735 |
| Geheue (Simbole) | -1,1333 | -0,4286 | -1,07 | 0,2950 |
| Geskatte IK | -4,3333 | -0,6429 | -2,50 | 0,0186 |
| | N = 15 | N = 14 | | G.V. = 27 |

*Beduidend op die 5%-peil

Tabel 3.70 toon aan dat die betekenisvolle verskil by subtoets 3 in tabel 3.69 (Woordbou) wel toegeskryf kan word aan die feit dat die betekenisvolle verskil reeds tydens die voortoetsing teenwoordig was.

Verder word bevestig dat die st. 8 eksperimentele groep se geskatte IK wel beduidend verbeter het in vergelyking met dié van die st. 8-kontrole= groep. Soos reeds vroeër gemeld, kan die verhoging toegeskryf word aan die feit dat die st. 8 eksperimentele groep deurgaans 'n verbetering getoon het (veral in subtoets 1, 3, 5, 6 en 8, alhoewel slegs subtoets 1 beteke= nisvol hoër was).

3.5.2.1.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

Die gesamentlike interpretasie van tabel 3.69 en 3.70 toon dat die st. 8 eksperimentele groep in hoogstens drie van die moontlike 11 veranderlikes beduidend beter as die st. 8-kontrolegroep presteer het. Daar word dus nie aan die kriteria vir eiesoortigheid voldoen nie en die nulhipotese dat daar geen verskil is tussen die aanleg van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwikkelingskursus deurloop het en Kleurling-hoërskoolleerlinge wat nie so 'n kursus gevolg het nie, word gehandhaaf.

3.5.2.2 Standerd 9-steekproef

3.5.2.2.1 Standerd 9-kontolegroep (K9)

TABEL 3.71 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VER= SKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE ST. 9-KONTROLEGROEP (K9) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT

| Aanlegte | $\bar{X}$k9(v) | $\bar{X}$k9(n) | T | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 3,750 | 4,500 | 17,0 | 0,1549 |
| Berekeninge | 4,333 | 4,750 | 14,5 | 0,3433 |
| Woordbou | 4,750 | 5,417 | 9,0 | 0,1097 |
| Vergelyking | 3,417 | 4,833 | 2,5 | 0,0108* |
| Patroonvoltooiing | 3,500 | 4,500 | 6,0 | 0,0506 |
| Figuurreekse | 4,000 | 4,750 | 13,5 | 0,1536 |
| Ruimtelik 2-D | 3,917 | 5,167 | 0,0 | 0,0051* |
| Ruimtelik 3-D | 3,833 | 3,500 | 14,5 | 0,3433 |
| Geheue (Paragraaf) | 4,500 | 5,500 | 13,5 | 0,1536 |
| Geheue (Simbole) | 3,667 | 5,167 | 3,0 | 0,0076 |
| Geskatte IK | 101,417 | 104,417 | 6,5 | 0,0323* |
| | N = 12 | | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die st. 9-kontrolegroep het tydens die natoetsing betekenisvol verbeter in die volgende subtoetse, naamlik Vergelyking, Ruimtelik 2-D en Geheue (Simbole). Die geskatte IK het ook 'n beduidende verbetering getoon. Hierdie verhoging kan toegeskryf word aan die feit dat die st. 9-kontro=legroep se tellings met die natoetsing byna in elke subtoets verbeter het, alhoewel dit slegs in drie van die veranderlikes betekenisvol was.

Net soos by die gesamentlike kontrolegroep, waar 'n verhoging in die tel=lings van die natoetsing voorgekom het sonder dat daar 'n leeskurus of ander spesifieke hulp aangebied is, kan hierdie verhoging te wyte wees aan die faktore uiteengesit onder tabel 3.61.

3.5.2.2.2 Standerd 9 eksperimentele groep (E9)

TABEL 3.72 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VER=SKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE GROEP (E9) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT

| Aanlegte | $\bar{X}e9(v)$ | $\bar{X}e9(n)$ | T | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 3,375 | 5,375 | 3,5 | 0,0009* |
| Berekeninge | 3,500 | 4,937 | 0,0 | 0,0015* |
| Woordbou | 4,562 | 5,562 | 9,0 | 0,0329* |
| Vergelyking | 4,000 | 5,250 | 13,0 | 0,0231* |
| Patroonvoltooiing | 3,312 | 4,937 | 5,0 | 0,0076* |
| Figuurreekse | 3,875 | 4,875 | 4,0 | 0,0099* |
| Ruimtelik 2-D | 3,687 | 5,312 | 8,0 | 0,0052* |
| Ruimtelik 3-D | 3,312 | 3,875 | 22,5 | 0,1955 |
| Geheue (Paragraaf) | 4,500 | 5,875 | 7,5 | 0,0079* |
| Geheue (Simbole) | 4,875 | 5,062 | 33,5 | 0,6661 |
| Geskatte IK | 102,187 | 107,875 | 0,0 | 0,0004* |
| | N = 16 | | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die st. 9 eksperimentele groep het 'n verbetering in agt van die tien aanlegte by natoetsing getoon. Daarbenewens het ook 'n betekenisvolle verhoging van die geskatte IK voorgekom.

Ondanks die gunstige natoetstellings by die st. 9 eksperimentele groep, kan daar nie sonder meer beweer word dat die groei die gevolg van die invloed van die leeskursus is nie, aangesien die st. 9 kontrolegroep ook 'n redelike mate van verbetering getoon het sonder dat 'n leeskursus op die groep toegepas is.

Ten einde te bepaal of so 'n aanname wel gemaak kan word, word die gegewens in tabel 3.73 tot 3.75 verder ondersoek.

3.5.2.2.3 Standerd 9 eksperimentele en -kontrolegroep

TABEL 3.73. RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Aanlegte | $\bar{X}e9(v)$ | $\bar{X}k9(v)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 3,375 | 3,750 | 82,0 | 0,5062 |
| Berekeninge | 3,500 | 4,333 | 66,0 | 0,1558 |
| Woordbou | 4,562 | 4,750 | 93,5 | 0,9038 |
| Vergelyking | 4,000 | 3,417 | 80,0 | 0,4473 |
| Patroonvoltooiing | 3,312 | 3,500 | 88,5 | 0,7223 |
| Figuurreekse | 3,875 | 4,000 | 95,0 | 0,9621 |
| Ruimtelik 2-D | 3,687 | 3,917 | 88,5 | 0,7230 |
| Ruimtelik 3-D | 3,312 | 3,833 | 78,5 | 0,4059 |
| Geheue (Paragraaf) | 4,500 | 4,500 | 95,0 | 0,9625 |
| Geheue (Simbole) | 4,875 | 3,667 | 59,0 | 0,0783 |
| Geskatte IK | 102,187 | 101,417 | 90,0 | 0,7794 |
| | N = 16 | N = 12 | | |

Tabel 3.73 toon dat die twee groepe op geeneen van die veranderlikes bete=kenisvol van mekaar verskil het nie. Die aanname kan dus gemaak word dat die st. 9 eksperimentele en kontrolegroep gelykgeskakel was ten opsigte van hul aanlegte by die voortoetsing.

TABEL 3.74 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN ST. 9 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLE=GROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Aanlegte | $\bar{X}e9(n)$ | $\bar{X}k9(n)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 5,375 | 4,500 | 70,0 | 0,2210 |
| Berekeninge | 4,937 | 4,750 | 84,5 | 0,5865 |
| Woordbou | 5,562 | 5,417 | 90,5 | 0,7942 |
| Vergelyking | 5,250 | 4,833 | 85,5 | 0,6156 |
| Patroonvoltooiing | 4,937 | 4,500 | 73,0 | 0,2670 |
| Figuurreekse | 4,875 | 4,750 | 84,0 | 0,5711 |
| Ruimtelik 2-D | 5,312 | 5,167 | 84,0 | 0,5694 |
| Ruimtelik 3-D | 3,875 | 3,500 | 88,0 | 0,7045 |
| Geheue (Paragraaf) | 5,875 | 5,500 | 76,5 | 0,3562 |
| Geheue (Simbole) | 5,062 | 5,167 | 89,5 | 0,7553 |
| Geskatte IK | 107,875 | 104,417 | 63,5 | 0,1300 |
| | N = 16 | N = 12 | | |

Die st. 9 eksperimentele groep het tydens die natoetsing ook geen beteke=nisvolle verbetering teenoor die st. 9-kontrolegroep getoon nie.

Hier bevinding lei daartoe dat die resultate van tabel 3.72 in 'n mate geneutraliseer word aangesien dit daarop dui dat beide groepe by die na=toetsresultate verbetering toon, hetsy met of sonder die effek van 'n lees=kursus.

In tabel 3.75 word die mate van verbetering wat plaasgevind het tussen die voor- en natoetsing van die st. 9 eksperimentele groep met die mate van verbetering wat plaasgevind het tussen die voor- en natoetsing van die st. 9-kontrolegroep vergelyk.

TABEL 3.75 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 9 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETS=TELLINGS (N) IN DIE SAT

| Aanlegte | $\bar{X}$e9(v-n) | $\bar{X}$k9(v-n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | -2,0000 | -0,7500 | -2,08 | 0,0473* |
| Berekeninge | -1,4375 | -0,4167 | -1,99 | 0,0571 |
| Woordbou | -1,0000 | -0,6667 | -0,58 | 0,5662 |
| Vergelyking | -1,2500 | -1,4167 | 0,26 | 0,7951 |
| Patroonvoltooiing | -1,6250 | -1,0000 | -0,93 | 0,3587 |
| Figuurreekse | -1,0000 | -0,7500 | -0,45 | 0,6542 |
| Ruimtelik 2-D | -1,6250 | -1,2500 | -0,64 | 0,5304 |
| Ruimtelik 3-D | -0,5625 | 0,3333 | -1,59 | 0,1240 |
| Geheue (Paragraaf) | -1,3750 | -1,0000 | -0,51 | 0,6132 |
| Geheue (Simbole) | -0,1875 | -1,5000 | 2,24 | 0,0342* |
| Geskatte IK | -5,6875 | -3,0000 | -2,12 | 0,0433* |
| | N = 16 | N = 12 | | G.V. = 26 |

*Beduidend op die 5%-peil

Die st. 9 eksperimentele groep het in die subtoets 1 (Verbale begrip) van die SAT beduidend meer verbeter as die st. 9-kontrolegroep. Vir sub=toets 10 (Geheue (Simbole)) was die omgekeerde weer waar. Hierteenoor het die st. 9 eksperimentele groep ook betekenisvol verbeter ten opsigte van die SAT se geskatte IK.

3.5.2.2.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

'n Betekenisvolle verbetering in hoogstens twee van die moontlike 11 ver=anderlikes maak dat die nulhipotese gehandhaaf moet word. Daar is dus geen verskil tussen die aanleg van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwikkelingskursus deurloop het en Kleurling-hoërskoolleerlinge wat nie so 'n kursus deurloop het nie.

As geheel gesien, wil dit dus voorkom asof die leeskursus, die st. 9 ekspe=rimentele groep se aanleg weinig positief beïnvloed het. Die feit dat

die st. 9 eksperimentele groep betekenisvol groter toename in die geskatte IK as die st. 9-kontrolegroep getoon het, impliseer tog dat die st. 9 eksperimentele groep wat die leeskursus deurloop het, daarby gebaat het. Dié mening is gebaseer op die feit dat die geskatte IK alleenlik betekenis= vol kon verhoog as die st. 9 eksperimentele groep telkens in subtoets 1, 3, 5, 6 en 8 gunstiger, alhoewel nie noodwendig betekenisvol gunstiger nie, presteer het as die st. 9-kontrolegroep.

Ten einde vas te stel of die st. 8- en st. 9-kontrolegroep enigsins bete= kenisvol van mekaar verskil ten opsigte van aanleg, word die groepe se resultate krities vergelyk in tabel 3.76 tot 3.79.

3.5.2.3 Standerd 8- en 9-kontrolegroep

TABEL 3.76 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8- EN 9-KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT TYDENS DIE VOOR= TOETSING (V)

| Aanlegte | $\bar{X}$k8(v) | $\bar{X}$k9(v) | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 3,643 | 3,750 | 83,0 | 0,9580 |
| Berekeninge | 4,071 | 4,333 | 73,5 | 0,5814 |
| Woordbou | 3,571 | 4,750 | 48,5 | 0,0591 |
| Vergelyking | 3,643 | 3,417 | 77,0 | 0,7143 |
| Patroonvoltooiing | 3,714 | 3,500 | 79,0 | 0,7856 |
| Figuurreekse | 2,857 | 4,000 | 44,0 | 0,0345* |
| Ruimtelik 2-D | 3,714 | 3,917 | 73,0 | 0,5624 |
| Ruimtelik 3-D | 3,357 | 3,833 | 68,0 | 0,3974 |
| Geheue (Paragraaf) | 5,357 | 4,500 | 58,5 | 0,1823 |
| Geheue (Simbole) | 4,357 | 3,667 | 64,5 | 0,3044 |
| Geskatte IK | 99,143 | 101,417 | 75,5 | 0,6613 |
| | N = 14 | N = 12 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

TABEL 3.77 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8- EN ST. 9-KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN HUL TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Aanlegte | $\bar{X}$k8(n) | $\bar{X}$k9(n) | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 3,714 | 4,500 | 72,0 | 0,5292 |
| Berekeninge | 5,214 | 4,750 | 71,0 | 0,4932 |
| Woordbou | 4,429 | 5,417 | 56,5 | 0,1408 |
| Vergelyking | 4,643 | 4,833 | 75,0 | 0,6382 |
| Patroonvoltooiing | 3,929 | 4,500 | 63,0 | 0,2699 |
| Figuurreekse | 3,643 | 4,750 | 60,5 | 0,2108 |
| Ruimtelik 2-D | 4,143 | 5,167 | 49,5 | 0,0687 |
| Ruimtelik 3-D | 3,357 | 3,500 | 82,5 | 0,9361 |
| Geheue (Paragraaf) | 5,500 | 5,500 | 77,5 | 0,7352 |
| Geheue (Simbole) | 4,786 | 5,167 | 69,5 | 0,4183 |
| Geskatte IK | 99,786 | 104,417 | 53,5 | 0,1160 |
| | N = 14 | N = 12 | | |

3.5.2.4 Standerd 8 en standerd 9 eksperimentele groep

TABEL 3.78 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9 EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Aanlegte | $\bar{X}e8(v)$ | $\bar{X}e9(v)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 3,600 | 3,375 | 106,5 | 0,5830 |
| Berekeninge | 3,667 | 3,500 | 113,5 | 0,7930 |
| Woordbou | 4,867 | 4,562 | 103,5 | 0,5041 |
| Vergelyking | 4,200 | 4,000 | 111,5 | 0,7319 |
| Patroonvoltooiing | 3,667 | 3,312 | 99,0 | 0,3966 |
| Figuurreekse | 3,800 | 3,875 | 106,5 | 0,5853 |
| Ruimtelik 2-D | 3,800 | 3,687 | 109,5 | 0,6710 |
| Ruimtelik 3-D | 3,200 | 3,312 | 117,5 | 0,9198 |
| Geheue (Paragraaf) | 5,667 | 4,500 | 80,5 | 0,1091 |
| Geheue (Simbole) | 4,600 | 4,875 | 108,0 | 0,6275 |
| Geskatte IK | 103,267 | 102,187 | 104,0 | 0,5261 |
| | N = 15 | N = 16 | | |

TABEL 3.79 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EN ST. 9 EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE SAT TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Aanlegte | $\bar{X}e8(n)$ | $\bar{X}e9(n)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Verbale begrip | 5,133 | 5,375 | 109,5 | 0,6730 |
| Berekeninge | 4,533 | 4,937 | 104,0 | 0,5221 |
| Woordbou | 5,600 | 5,562 | 113,5 | 0,7917 |
| Vergelyking | 4,533 | 5,250 | 90,0 | 0,2280 |
| Patroonvoltooiing | 4,533 | 4,937 | 92,5 | 0,2587 |
| Figuurreekse | 4,733 | 4,875 | 109,0 | 0,6596 |
| Ruimtelik 2-D | 5,000 | 5,312 | 105,5 | 0,5603 |
| Ruimtelik 3-D | 3,733 | 3,875 | 114,0 | 0,8092 |
| Geheue (Paragraaf) | 5,200 | 5,875 | 91,0 | 0,2429 |
| Geheue (Simbole | 5,733 | 5,062 | 95,0 | 0,3123 |
| Geskatte IK | 107,600 | 107,875 | 117,0 | 0,9054 |
| | N = 15 | N = 16 | | |

Tabel 3.76 en 3.78 toon duidelik aan dat daar tydens die voortoetsing byna geen betekenisvolle verskille voorgekom het tussen die st. 8- en st. 9-kontrolegroep of die st. 8 en st. 9 eksperimentele groep nie.

Dieselfde bevinding is verkry met die natoetsing (tabel 3.77 en 3.79). Dit is dus duidelik dat die st. 8 en st. 9 eksperimentele groepe gelyk=geskakel was met die voor- en natoetsing. Dus het nie een van die onder=soekgroepe 'n betekenisvoller verandering in aanleg as die ander tussen voor- en natoetsing getoon nie.

Hierdie groepe is ook vergelyk ten opsigte van die verskil tussen die verskille tussen voor- en natoetsing. Dieselfde bevindings as hierbo is egter verkry en om dié rede word dié tabel nie verskaf nie.

### 3.5.3 Samevatting

Globaal sowel as reduksionisties het die leeskursus nie betekenisvolle veranderinge in die verskillende komponente van aanleg wat deur die SAT gemeet word by die eksperimentele groep teweeggebring nie.

Die leeskursus het egter 'n positiewe effek op die eksperimentele groep gehad in die sin dat die geskatte IK wat uit die SAT bereken word, beteke=nisvol verbeter het; hetsy by natoetsing of wanneer met die kontrolegroep vergelyk. Hierdie verbetering is 'n direkte gevolg van 'n verbetering (ofskoon nie altyd betekenisvol nie) in die meerderheid van die SAT-subtoetse. In die lig van bostaande kan die waarde van die leeskursus nie gering geskat word nie.

## 3.6 PERSOONLIKHEIDSEVALUERING

### 3.6.1 Globale uiteensetting van die tellings behaal in

a) die HSPV en
b) die IPAT-Angsskaal.

#### 3.6.1.1 Gesamentlike kontrolegroep (GK)

a) HSPV

TABEL 3.80 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE GESAMENTLIKE KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE HSPV

| Persoonlikheidsfaktore | $\bar{X}gk(v)$ | $\bar{X}gk(n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Sosialiteit | 5,038 | 5,385 | -0,94 | 0,3555 |
| Intellektuele vermoë | 5,769 | 5,808 | -0,11 | 0,9119 |
| Emosionele stabiliteit | 5,154 | 5,654 | -1,02 | 0,3180 |
| Prikkelbaarheid | 5,769 | 4,500 | 3,78 | 0,0009* |
| Dominansie | 5,654 | 6,577 | -2,03 | 0,0527 |
| Sorgvryheid | 5,692 | 6,269 | -1,34 | 0,1920 |
| Pligsgetrouheid | 5,654 | 4,808 | 2,52 | 0,0186* |
| Avontuurlustigheid | 5,538 | 5,385 | 0,43 | 0,6675 |
| Emosionele gevoeligheid | 4,615 | 4,731 | -0,27 | 0,7858 |
| Individualisme | 4,269 | 5,384 | -3,29 | 0,0030* |
| Skuldgeneigdheid | 4,769 | 5,423 | -1,20 | 0,2425 |
| Selfgenoegsaamheid | 5,385 | 5,423 | -0,08 | 0,9362 |
| Selfbeheersing | 5,346 | 4,769 | 1,06 | 0,2990 |
| Gespannendheid | 4,962 | 4,846 | 0,29 | 0,7739 |
| | N = 26 | | | G.V. = 25 |

*Beduidend op die 5%-peil

Die gesamentlike kontrolegroep het ten opsigte van faktor D (Prikkelbaar=heid), G (Pligsgetrouheid) en J (Individualisme) betekenisvolle verande=ring ondergaan. Ten spyte van die veranderinge het die resultate deur=

gaans 'n goeie balans gehandhaaf tussen die twee uiterstes of *persoonlik=heidspole* van die HSPV. In geeneen van die veranderlikes is dus 'n gemid=delde telling behaal wat so 'n uiterste persoonlikheidstrek (dit wil sê 'n stanege van een tot drie of sewe tot nege) verteenwoordig het nie.

As geheel het die gesamentlike kontrolegroep nie 'n betekenisvolle persoon=likheidsverandering in die HSPV getoon nie.

b) IPAT-Angsskaal

TABEL 3.81 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE GEAMENTLIKE KONTROLEGROEP (GK) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BE=HAAL IN DIE IPAT-ANGSSKAAL

| Angstellings | $\bar{X}$8k(v) | $\bar{X}$gk(n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Gebrekkige integrasie | 4,923 | 5,154 | 0,68 | 0,5021 |
| Swak egosterkte | 7,038 | 6,846 | 0,59 | 0,5632 |
| Agterdogtigheid | 6,269 | 6,269 | -0,00 | 1,0000 |
| Skuldgevoelens | 5,346 | 5,692 | -1,16 | 0,2570 |
| Spanning | 5,692 | 5,462 | 0,74 | 0,4641 |
| Onbewuste Angstelling | 6,077 | 5,923 | 0,52 | 0,6092 |
| Bewuste Angstelling | 5,679 | 5,808 | -0,17 | 0,8696 |
| Totale Angstelling | 5,846 | 5,808 | 0,16 | 0,8764 |
| | N = 26 | | | G.V. = 25 |

Die gesamentlike kontrolegroep het geen betekenisvolle verandering tussen die voor- en natoetsing in die IPAT-Angsskaal getoon nie.

Samevatting (HSPV en IPAT-Angsskaal)

Die gesamentlike interpretering van die HSPV en die IPAT-Angsskaal dui daarop dat die gesamentlike kontrolegroep in slegs drie van die moontlike 22 veranderlikes 'n betekenisvolle verandering ondergaan het.

Globaal gesien blyk dit dus dat die gesamentlike kontrolegroep nie ten opsigte van persoonlikheid betekenisvol verander het nie.

3.6.1.2 Gesamentlike eksperimentele groep (GE)

a) HSPV

TABEL 3.82 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE GROEP (GE) TEN OPSIGTE VAN TEL= LINGS BEHAAL IN DIE HSPV

| Persoonlikheidsfaktore | $\bar{X}ge(v)$ | $\bar{X}ge(n)$ | t | p |
|---|---|---|---|---|
| Sosialiteit | 5,452 | 5,742 | -0,87 | 0,3885 |
| Intellektuele vermoë | 5,548 | 6,032 | -1,19 | 0,2434 |
| Emosionele stabiliteit | 4,677 | 5,419 | -2,44 | 0,0208* |
| Prikkelbaarheid | 5,129 | 5,097 | 0,10 | 0,9234 |
| Dominansie | 5,645 | 5,387 | 0,61 | 0,5434 |
| Sorgvryheid | 6,516 | 5,871 | 1,73 | 0,0936 |
| Pligsgetrouheid | 4,935 | 5,226 | -0,72 | 0,4759 |
| Avontuurlustigheid | 5,000 | 4,903 | 0,31 | 0,7588 |
| Emosionele gevoeligheid | 5,097 | 5,742 | -1,50 | 0,1452 |
| Individualisme | 4,226 | 4,194 | 0,09 | 0,9287 |
| Skuldgeneigdheid | 5,774 | 6,194 | 1,14 | 0,2628 |
| Selfgenoegsaamheid | 5,097 | 4,419 | -1,45 | 0,1572 |
| Selfbeheersing | 4,258 | 4,806 | -1,32 | 0,1984 |
| Gespannendheid | 5,290 | 5,258 | 0,08 | 0,9395 |
| | N = 31 | | | G.V. = 30 |

*Beduidend op die 5%-peil

Die gesamentlike eksperimentele groep het slegs in faktor C, Prikkelbaar= heid, 'n betekenisvolle verandering in die natoetsing getoon. Die groep het dus geneig tot groter emosionele stabiliteit, realisme, kalmte, stand= vastigheid en emosionele volwassenheid.

Hier kan egter weer melding gemaak word van die feit dat die groep deur= gaans gemiddelde stanegetellings in die HSPV gehandhaaf het en dat daar dus nie sprake is van neigings tot psigopatologie nie.

As geheel het die gesamentlike eksperimentele groep nie betekenisvol ver= ander ten opsigte van persoonlikheid soos deur die HSPV gemeet nie.

b) IPAT-Angsskaal

TABEL 3.83 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE GROEP (GE) TEN OPSIGTE VAN TEL= LINGS BEHAAL IN DIE IPAT-ANGSSKAAL

| Angstellings | $\bar{X}$ge(v) | $\bar{X}$ge(n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Gebrekkige integrasie | 5,355 | 5,290 | 0,18 | 0,8597 |
| Swak egosterkte | 6,774 | 6,581 | 0,58 | 0,5649 |
| Agterdogtigheid | 5,839 | 6,097 | -0,60 | 0,5552 |
| Skuldgevoelens | 5,935 | 6,581 | -2,37 | 0,0246* |
| Spanning | 6,290 | 6,290 | 0,000 | 1,0000 |
| Onbewuste Angstelling | 6,065 | 6,452 | -1,25 | 0,2214 |
| Bewuste Angstelling | 6,290 | 6,194 | 0,36 | 0,7243 |
| Totale Angstelling | 6,194 | 6,419 | -0,89 | 0,3788 |
| | N = 31 | | | G.V. = 30 |

*Beduidend op die 5%-peil

Die gesamentlike eksperimentele groep het slegs in 'n enkele faktor, naamlik Geneigdheid tot skuldgevoelens, 'n beduidend hoër telling tydens die natoet= sing behaal.

As geheel het die eksperimentele groep nie 'n betekenisvolle verandering getoon in angsbelewing soos dit deur die IPAT-Angsskaal gemeet word nie.

Samevatting (HSPV en IPAT-Angsskaal)

Die gesamentlike eksperimentele groep het slegs in twee veranderlikes (uit 'n moontlike 22) betekenisvolle veranderings getoon nadat hulle die leeskursus deurloop het.

Dit kom dus voor asof die leeskursus nie die gesamentlike eksperimentele groep ten opsigte van persoonlikheid verander het nie.

3.6.1.3 Gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep

a) HSPV

TABEL 3.84 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLE=GROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE HSPV TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Persoonlikheidsfaktore | $\bar{X}$ge(v) | $\bar{X}$gk(v) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Sosialiteit | 5,452 | 5,038 | 0,74 | 0,4626 |
| Intellektuele vermoë | 5,548 | 5,769 | -0,48 | 0,6348 |
| Emosionele stabiliteit | 4,677 | 5,154 | -0,86 | 0,3950 |
| Prikkelbaarheid | 5,129 | 5,769 | -1,17 | 0,2463 |
| Dominansie | 5,645 | 5,654 | -0,02 | 0,9855 |
| Sorgvryheid | 6,516 | 5,692 | 1,72 | 0,0918 |
| Pligsgetrouheid | 4,935 | 5,654 | -1,47 | 0,1473 |
| Avontuurlustigheid | 5,000 | 5,538 | -1,13 | 0,2632 |
| Emosionele gevoeligheid | 5,097 | 4,615 | 1,07 | 0,2915 |
| Individualisme | 4,226 | 4,269 | -0,09 | 0,9251 |
| Skuldgeneigdheid | 5,774 | 4,769 | 1,84 | 0,0712 |
| Selfgenoegsaamheid | 5,097 | 5,385 | -0,55 | 0,5844 |
| Selfbeheersing | 4,258 | 5,346 | -2,12 | 0,0390* |
| Gespannendheid | 5,290 | 4,962 | 0,57 | 0,5714 |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

Uitgesonderd in faktor $Q_3$, Selfbeheersing, het die gesamentlike eksperimen=tele en kontrolegroep tydens die voortoetsing gelykgeskakel in al die veranderlikes wat deur die HSPV gemeet word.

Die gesamentlike kontrolegroep se tellings in faktore $Q_3$ het sterker gelaai op selfbeheersing en ander aspekte wat daarmee saamgaan, soos wilskrag en selfdissipline. Die gesamentlike eksperimentele groep se telling in die betrokke subtoets was egter gemiddeld en het nie die uiterste pool van onbeheerstheid verteenwoordig nie.

Dieselfde tendense het ook uit beide groepe se tellings op die 13 oorbly= wende persoonlikheidstrekke van die HSPV geblyk.

b) - IPAT-Angsskaal

TABEL 3.85 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLE= GROEPE TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE IPAT-ANGSSKAAL TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Angstellings | $\bar{X}$ge(v) | $\bar{X}$gk(v) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Gebrekkige integrasie | 5,355 | 4,923 | 0,90 | 0,3720 |
| Swak egosterkte | 6,774 | 7,038 | -0,53 | 0,5954 |
| Agterdogtigheid | 5,839 | 6,269 | -0,87 | 0,3891 |
| Skuldgevoelens | 5,935 | 5,346 | 1,02 | 0,3105 |
| Spanning | 6,290 | 5,692 | 1,17 | 0,2456 |
| Onbewuste Angstelling | 6,065 | 6,077 | -0,03 | 0,9800 |
| Bewuste Angstelling | 6,296 | 5,769 | 0,91 | 0,3668 |
| Totale Angstelling | 6,194 | 5,846 | 0,62 | 0,5362 |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

Die gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep het tydens die voortoet= sing gelykgeskakel ten opsigte van die veranderlikes wat deur die IPAT-Angsskaal gemeet word.

Samevatting (HSPV en IPAT-Angsskaal)

Die gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep het grootliks gelykgeska= kel tydens die voortoetsing ten opsigte van die veranderlikes gemeet deur die HSPV en die IPAT-Angsskaal.

a) HSPV

TABEL 3.86 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLE=GROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE HSPV TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Persoonlikheidsfaktore | $\bar{X}ge(n)$ | $\bar{X}gk(n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Sosialiteit | 5,762 | 5,385 | 0,64 | 0,5279 |
| Intellektuele vermoë | 6,032 | 5,808 | 0,43 | 0,665 |
| Emosionele stabiliteit | 5,419 | 5,654 | -0,42 | 0,6755 |
| Prikkelbaarheid | 5,097 | 4,500 | 1,16 | 2,2503 |
| Dominansie | 5,387 | 6,577 | -2,59 | 0,022* |
| Sorgvryheid | 5,52 | 6,267 | -0,88 | 0,387 |
| Pligsgetrouheid | 5,226 | 4,805 | 0,69 | 0,4945 |
| Avontuurlustigheid | 4,903 | 5,385 | 0,77 | 0,4453 |
| Emosionele gevoeligheid | 5,742 | 4,731 | 2,06 | 0,0440* |
| Individualisme | 4,194 | 5,384 | -2,13 | 0,0376* |
| Skuldgeneigdheid | 6,194 | 5,423 | 1,59 | 0,1181 |
| Selfgenoegsaamheid | 4,419 | 5,423 | -1,83 | 0,0726 |
| Selfbeheersing | 4,806 | 4,769 | 0,08 | 0,9385 |
| Gespannendheid | 5,258 | 4,846 | 0,67 | 0,5066 |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

Tydens die natoetsing het daar betekenisvolle verskille tussen die gesa=mentlike eksperimentele en kontrolegroep voorgekom in die persoonlikheids=trekke, Dominansie, Emosionele gevoeligheid en Individualisme.

Die gesamentlike kontrolegroep het sterker geneig tot Dominansie, aggressi=witeit, selfgeldendheid, koppigheid en bemoeisiekheid as die gesamentlike eksperimentele groep. Op sy beurt het die gesamentlike eksperimentele groep weer sterker gelaai op teerhärtigheid en ander kenmerke wat daarmee gepaard gaan,as die gesamentlike kontrolegroep.

Aangesien faktore $Q_3$, Selfbeheersing, tydens die voortoetsing 'n betekenisvolle verskil tussen die twee groepe getoon het maar nie tydens die natoetsing nie, wil dit voorkom asof hierdie faktor ook betekenisvol moes verander het. 'n Kritiese ondersoek van hierdie faktor het egter aan die lig gebring dat beide groepe die tendens veroorsaak het deurdat die gesamentlike eksperimentele groep se telling in die faktor vanaf die voortoetsing tot die natoetsing verhoog het van 4,258 na 4,806. Hierteenoor het die gesamentlike kontrolegroep se telling verminder van die voortoetsing na die natoetsing vanaf 5,346 tot 4,769.

Ten spyte van bogenoemde veranderings het die verkreë tellings altyd gewissel tussen staneges van 4 tot 6. Die tellings handhaaf dus 'n redelike balans tussen die bipolêre kontinuums wat die uiterste pole van elke faktor verteenwoordig.

Globaal gesien het die leeskursus dus nie daartoe bygedra dat die gesamentlike eksperimentele groep betekenisvol verander het ten opsigte van persoonlikheid nie.

b) IPAT-Angsskaal

TABEL 3.87 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE IPAT-ANGSSKAAL TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Angstellings | $\bar{X}ge(n)$ | $\bar{X}gk(n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Gebrekkige integrasie | 5,290 | 5,154 | 0,24 | 0,8075 |
| Swak egosterkte | 6,581 | 6,846 | -0,51 | 0,6155 |
| Agterdogtigheid | 6,097 | 6,269 | -0,32 | 0,7512 |
| Skulgevoelens | 6,581 | 5,692 | 1,66 | 0,1029 |
| Spanning | 6,290 | 5,462 | 1,48 | 0,1437 |
| Onbewuste Angstelling | 6,452 | 5,923 | 0,91 | 0,3642 |
| Bewuste Angstelling | 6,194 | 5,808 | 0,73 | 0,4660 |
| Totale Angstelling | 6,419 | 5,808 | 1,08 | 0,2850 |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

Die gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep het ook tydens die natoet= sing in geeneen van die veranderlikes wat deur die IPAT-Angsskaal gemeet word 'n betekenisvolle verskil getoon nie.

Die leeskursus blyk dus geen effek te gehad het op die angsbelewing van die gesamentlike eksperimentele groep nie.

a) HSPV

TABEL 3.88 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLE= GROEP TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NA= TOETSING (N) IN DIE HSPV

| Persoonlikheidsfaktore | $\bar{X}$ge(v-n) | $\bar{X}$gk(v-n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Sosialiteit | -0,2903 | -0,3462 | 0,11 | 0,9105 |
| Intellektuele vermoë | -0,4839 | -0,0385 | -0,82 | 0,4170 |
| Emosionele stabiliteit | -0,7419 | -0,5000 | -0,43 | 0,6665 |
| Prikkelbaarheid | 0,0323 | 1,2692 | -2,60 | 0,0120* |
| Dominansie | 0,2581 | -0,9231 | 1,91 | 0,0615 |
| Sorgvryheid | 0,6452 | -0,5769 | 2,16 | 0,0353* |
| Pligsgetrouheid | -0,2903 | 0,8462 | -2,12 | 0,0386* |
| Avontuurlustigheid | 0,0968 | 0,1538 | -0,12 | 0,9039 |
| Emosionele gevoeligheid | -0,6452 | -0,1154 | -0,87 | 0,3876 |
| Individualisme | 0,0323 | -1,1154 | 2,30 | 0,0253* |
| Skuldgeneigdheid | -0,4194 | -0,6538 | 0,37 | 0,7159 |
| Selfgenoegsaamheid | 0,6774 | -0,0385 | 1,07 | 0,2804 |
| Selfbeheersing | -0,5484 | 0,5769 | -1,67 | 0,1010 |
| Gespannendheid | 0,0323 | 0,1154 | -0,14 | 0,8878 |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

*Beduidend op die 5%-peil

Tabel 3.88 wys op 'n verdere drie faktore (wat nie voorgekom het in tabel 3.86 nie) wat betekenisvolle verskille getoon het tussen die gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep naamlik faktor D (Prikkelbaarheid), F (Sorgvryheid) en G (Pligsgetrouheid).

Die gesamentlike kontrolegroep se daling van 1,2692 punte in faktor D (Prikkelbaarheid) was grootliks verantwoordelik vir die betekenisvolle verskil tussen die twee groepe.

Die betekenisvolle verskille in faktor F kan toegeskryf word aan die feit dat die gesamentlike eksperimentele groep 'n daling van 0,6452 punte tussen hul voor- en natoetsing getoon het (dit wil sê vanaf 6,516 tot 5,871) en die gesamentlike kontrolegroep op sy beurt 'n styging van 0,5769 punte getoon het (dit wil sê vanaf 5,654 tot 6,269). Wat faktor G spesifiek betref, was die daling van 0,8462 punte by die gesamentlike kontrolegroep en die styging van 0,2903 punte by die gesamentlike eksperimentele groep blykbaar ook voldoende om as 'n betekenisvolle verskil te manifesteer.

Die betekenisvolle verskille tussen die gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep is steeds nie voldoende om aan die kriteria vir eiesoortigheid te voldoen nie. As geheel kan daar dus gesê word dat die leeskursus nie betekenisvolle verandering ten opsigte van die persoonlikheidsfaktore soos gemeet deur die HSPV teweeg kon bring nie.

b) IPAT-Angsskaal

TABEL 3.89 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE GESAMENTLIKE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSTELLINGS (N) IN DIE IPAT-ANGSSKAAL

| Angstellings | $\bar{X}$ge(v-n) | $\bar{X}$gk(v-n) | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Gebrekkige integrasie | 0,0645 | -0,2308 | 0,59 | 0,5593 |
| Swak egosterkte | 0,1935 | 0,1923 | 0,00 | 0,9979 |
| Agterdogtigheid | -0,258 | 0,000 | -0,42 | 0,6763 |
| Skuldgevoelens | -0,6452 | -0,3462 | -0,74 | 0,4625 |
| Spanning | 0,000 | 0,2308 | -0,58 | 0,5666 |
| Onbewuste Angstelling | -0,3871 | 0,1538 | -1,25 | 0,2183 |
| Bewuste Angstelling | 0,0968 | -0,0385 | 0,37 | 0,7125 |
| Totale Angstelling | -0,2258 | 0,0385 | -0,74 | 0,4606 |
| | N = 31 | N = 26 | | G.V. = 55 |

Tabel 3.89 bevestig die bevindings van tabel 3.87, naamlik dat die gesamentlike eksperimentele groep geensins betekenisvolle verandering teenoor die kontrolegroep toon ten opsigte van angsbelewing soos gemeet deur die IPAT-Angsskaal nie.

Wanneer die gesamentlike eksperimentele groep se angstellings vergelyk word met sy voortoetstelling sowel as met die gesamentlike kontrolegroep, blyk dit dat die leeskursus geen verandering ten opsigte van dié groep se angsbelewing kon teweegbring nie.

3.6.1.4 Gevolgtrekking en evaluering van hipoteses

Wat betref die gesamentlike evaluering van persoonlikheid (dit wil sê gemeet in die lig van die resultate van die HSPV en die IPAT-Angsskaal), het daar tussen die gesamentlike eksperimentele en kontrolegroep 'n maksimum van ses uit die moontlike 22 persoonlikheidsfaktore beduidende verskille getoon. (Sien tabelle 3.86, 3.87, 3.88 en 3.89.) Hierdie verskille is te gering om aan die kriteria vir eiesoortigheid te voldoen en derhalwe moet die nulhipotese in die verband gehandhaaf word, naamlik dat daar geen verskil tussen die persoonlikheid van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwikkelingskursus deurloop het en Kleurling-hoërskoolleerlinge wat nie so 'n kursus deurloop het nie.

3.6.2 Reduksionistiese uiteensetting van tellings in

a) Die HSPV
b) - Die IPAT-Angsskaal

3.6.2.1 Standerd 8-steekproef

3.6.2.1.1 Standerd 8-kontrolegroep (K8)

a) HSPV

TABEL 3.90 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL=LE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSTELLINGS (N) VAN DIE ST. 8-KONTROLEGROEP (K8) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE HSPV

| Persoonlikheidsfaktore | $\bar{X}k8(v)$ | $\bar{X}k8(n)$ | T | Beduidendheids=peil |
|---|---|---|---|---|
| Sosialiteit | 5,143 | 5,429 | 12,000 | 0,4008 |
| Intellektuele vermoë | 5,000 | 4,929 | 31,500 | 0,8939 |
| Emosionele stabiliteit | 4,143 | 4,286 | 32,500 | 0,9645 |
| Prikkelbaarheid | 7,000 | 5,286 | 6,000 | 0,0096* |
| Dominansie | 5,786 | 6,143 | 32,500 | 0,6100 |
| Sorgvryheid | 5,357 | 6,143 | 15,000 | 0,1095 |
| Pligsgetrouheid | 5,000 | 4,214 | 24,000 | 0,1330 |
| Avontuurlustigheid | 5,143 | 4,714 | 18,500 | 0,3590 |
| Emosionele gevoeligheid | 4,429 | 4,571 | 31,500 | 0,8939 |
| Individualisme | 4,571 | 5,214 | 4,000 | 0,0910 |
| Skuldgeneigdheid | 5,357 | 5,714 | 37,000 | 0,8753 |
| Selfgenoegsaamheid | 5,071 | 5,429 | 13,500 | 0,5286 |
| Selfbeheersing | 5,286 | 4,500 | 27,500 | 0,3670 |
| Gespannendheid | 5,714 | 5,429 | 24,000 | 0,7213 |
| | N = 14 | | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die st. 8-kontrolegroep het, uitgesonderd in faktor D, Prikkelbaarheid, geen betekenisvolle verandering tussen die voor- en natoetsing getoon

nie. Wat betref faktor D, het die tellings egter tydens die voortoetsing hoog gelaai (7,000) op die *pool* wat dui op trekke soos prikkelbaarheid, ongeduldigheid en selfgeldendheid by die st. 8-kontrolegroep. Tydens die natoetsing is 'n gemiddelde telling (5,286) verkry, wat dui op 'n beter balans tussen die twee uiterste pole van die persoonlikheidstrek, naamlik prikkelbaar en flegmaties.

b) IPAT-Angsskaal

TABEL 3.91 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL= LE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSTELLINGS (N) VAN DIE ST. 8-KONTROLEGROEP (K8) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE IPAT-ANGSSKAAL

| Angstellings | $\bar{X}k8(v)$ | $\bar{X}k8(n)$ | T | Beduidendheids= peil |
|---|---|---|---|---|
| Gebrekkige integrasie | 5,214 | 5,929 | 10,0 | 0,1386 |
| Swak egosterkte | 7,714 | 7,571 | 31,5 | 0,8939 |
| Agterdogtigheid | 6,857 | 6,714 | 24,0 | 0,7213 |
| Skuldgevoelens | 6,214 | 6,571 | 28,5 | 0,4101 |
| Spanning | 6,571 | 6,214 | 23,0 | 0,3739 |
| Onbewuste Angstelling | 6,714 | 6,714 | 32,0 | 0,9292 |
| Bewuste Angstelling | 6,786 | 6,857 | 21,0 | 0,8590 |
| Totale Angstelling | 6,786 | 6,857 | 36,0 | 0,8139 |
| | N = 14 | | | |

Die st. 8-kontrolegroep het geen verandering tussen voor- en natoetstel= lings getoon ten opsigte van die veranderlikes wat gemeet word deur die IPAT-Angsskaal nie.

Samevatting (HSPV en IPAT-Angsskaal)

Die st. 8-kontrolegroep wat nie die leeskursus deurloop het nie, het slegs in een van die moontlike 22 veranderlikes wat deur die HSPV en IPAT-Angs= skaal gemeet word, 'n betekenisvolle verandering getoon.

3.6.2.1.2 Standerd 8 eksperimentele groep (E8)

a) HSPV

TABEL 3.92 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) VAN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE GROEP (E8) TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE HSPV

| Persoonlikheidsfaktore | $\bar{X}$e8(v) | $\bar{X}$e8(n) | T | Beduidendheids=peil |
|---|---|---|---|---|
| Sosialiteit | 5,733 | 5,733 | 37,0 | 0,8753 |
| Intellektuele vermoë | 4,733 | 5,733 | 17,0 | 0,0464* |
| Emosionele stabiliteit | 4,733 | 4,600 | 36,0 | 0,8139 |
| Prikkelbaarheid | 5,133 | 5,067 | 38,0 | 0,9375 |
| Dominansie | 5,200 | 4,867 | 36,5 | 0,5294 |
| Sorgvryheid | 6,067 | 5,667 | 24,0 | 0,4236 |
| Pligsgetrouheid | 5,000 | 5,467 | 36,0 | 0,5067 |
| Avontuurlustigheid | 4,933 | 4,800 | 25,0 | 0,8385 |
| Emosionele gevoeligheid | 5,200 | 5,600 | 27,5 | 0,6248 |
| Individualisme | 4,600 | 4,267 | 32,5 | 0,6101 |
| Skuldgeneigdheid | 5,600 | 5,933 | 30,0 | 0,7897 |
| Selfgenoegsaamheid | 5,267 | 5,133 | 31,5 | 0,8939 |
| Selfbeheersing | 4,467 | 4,667 | 32,0 | 0,9292 |
| Gespannendheid | 5,067 | 5,400 | 32,5 | 0,3636 |
| | N = 15 | | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Die st. 8 eksperimentele groep het slegs in 'n enkele persoonlikheidstrek, naamlik Intelligensie 'n betekenisvolle verbetering getoon tydens die natoetsing.

Globaal gesien blyk dit of die leeskursus nie 'n betekenisvolle bydrae kon lewer tot die verandering van die st. 8 eksperimentele groep se persoonlikheidstrekke soos wat dit deur die HSPV gemeet word nie.

b) IPAT-Angsskaal

TABEL 3.93 RESULTATE VAN DIE WILCOXON-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKIL=LE TE BEPAAL TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSTELLINGS (N) VAN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE (E8) GROEP TEN OPSIGTE VAN TEL=LINGS BEHAAL IN DIE IPAT-ANGSSKAAL

| Angstellings | $\bar{X}e8(v)$ | $\bar{X}e8(n)$ | T | Beduidendheids=peil |
|---|---|---|---|---|
| Gebrekkige integrasie | 5,533 | 6,067 | 22,0 | 0,3281 |
| Swak egosterkte | 7,200 | 7,267 | 43,5 | 0,8888 |
| Agterdogtigheid | 6,133 | 6,467 | 21,5 | 0,5408 |
| Skuldgevoelens | 6,400 | 6,867 | 8,0 | 0,0858 |
| Spanning | 6,133 | 6,600 | 14,5 | 0,1851 |
| Onbewuste Angstelling | 6,067 | 6,867 | 20,0 | 0,0747 |
| Bewuste Angstelling | 6,733 | 6,733 | 26,0 | 0,8785 |
| Totale Angstelling | 6,533 | 6,933 | 7,5 | 0,2719 |
| | N = 15 | | | |

Die st. 8 eksperimentele groep het geen verandering ten opsigte van angs=belewing tussen die voor- en natoetstellings getoon nie.

Samevatting (HSPV en IPAT-Angsskaal)

Die gesamentlike interpretasie van die persoonlikheidstrekke wat deur die HSPV en IPAT-Angsskaal gemeet word (tabel 3.92 en 3.93), dui daarop dat die st. 8 eksperimentele groep slegs in 'n enkele veranderlike 'n bete=kenisvolle verandering ondergaan het. Die leeskurus het dus nie dié groep se persoonlikheid verander nie.

3.6.2.1.3 Standerd 8 eksperimentele en -kontrolegroep

a) HSPV

TABEL 3.94 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE HSPV TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Persoonlikheidsfaktore | $\bar{X}$e8(v) | $\bar{X}$k8(v) | U | Beduidendheids=peil |
|---|---|---|---|---|
| Sosialiteit | 5,733 | 5,143 | 86,5 | 0,4121 |
| Intellektuele vermoë | 4,733 | 5,000 | 102,5 | 0,8349 |
| Emosionele stabiliteit | 4,733 | 4,143 | 92,0 | 0,5646 |
| Prikkelbaarheid | 5,133 | 7,000 | 39,5 | 0,0034* |
| Dominansie | 5,200 | 5,786 | 81,5 | 0,2922 |
| Sorgvryheid | 6,067 | 5,357 | 80,0 | 0,2595 |
| Pligsgetrouheid | 5,000 | 5,000 | 101,5 | 0,8758 |
| Avontuurlustigheid | 4,933 | 5,143 | 103,5 | 0,9469 |
| Emosionele gevoeligheid | 5,200 | 4,429 | 75,0 | 0,1826 |
| Individualisme | 4,600 | 4,571 | 105,0 | 1,0000 |
| Skuldgeneigdheid | 5,600 | 5,357 | 96,5 | 0,7039 |
| Selfgenoegsaamheid | 5,267 | 5,071 | 95,0 | 0,6564 |
| Selfbeheersing | 4,467 | 5,286 | 82,0 | 0,3104 |
| Gespannendheid | 5,067 | 5,714 | 85,5 | 0,3884 |
| | N = 15 | N = 14 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Uitgesonderd in faktor D, Prikkelbaarheid, het die twee groepe gelykgeska=kel ten opsigte van die oorblywende 13 persoonlikheidstrekke.

Betreffende faktor D, Prikkelbaarheid, het die st. 8-kontrolegroep wat 'n stanegetelling van 7,000 behaal het, betekenisvol verskil van die st. 8 eksperimentele groep wat 'n stanegetelling van 5,133 in die betrokke veranderlike behaal het. Die st. 8-kontrolegroep het dus sterk neigings getoon van prikkelbaarheid, onbeheerstheid, ongeduldigheid en selfgel=dendheid tydens die voortoetsing. Die hoë telling kan 'n aanduiding wees van neigings tot patologiese gedrag ten opsigte van bogenoemde trekke.

b) IPAT-Angsskaal

TABEL 3.95 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE IPAT-ANGSSKAAL TYDENS DIE VOORTOETSING (V)

| Angstellings | $\bar{X}e8(v)$ | $\bar{X}k8(v)$ | U | Beduidendheids=peil |
|---|---|---|---|---|
| Gebrekkige integrasie | 5,333 | 5,214 | 100,0 | 0,8246 |
| Swak egosterkte | 7,200 | 7,714 | 83,0 | 0,3297 |
| Agterdogtigheid | 6,133 | 6,857 | 75,5 | 0,1759 |
| Skuldgevoelens | 6,400 | 6,214 | 102,0 | 0,8937 |
| Spanning | 6,133 | 6,571 | 81,5 | 0,2887 |
| Onbewuste Angstelling | 6,067 | 6,714 | 79,0 | 0,2480 |
| Bewuste Angstelling | 6,733 | 6,786 | 94,5 | 0,6402 |
| Totale Angstelling | 6,533 | 6,786 | 87,5 | 0,4375 |
| | N = 15 | N = 14 | | |

Tabel 3.95 toon aan dat die st. 8 eksperimentele en -kontrolegroep ge=lykgeskakel het ten opsigte van voortoetstellings in die IPAT-Angsskaal.

Samevatting (HSPV en IPAT-Angsskaal)

Die st. 8 eksperimentele en -kontrolegroep het grootliks gelykgeskakel ten opsigte van voortoetstellings in die HSPV en IPAT-Angsskaal.

a) HSPV

TABEL 3.96 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN - KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE HSPV TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Persoonlikheidsfaktore | $\bar{X}e8(n)$ | $\bar{X}k8(n)$ | U | Beduidendheids=peil |
|---|---|---|---|---|
| Sosialiteit | 5,733 | 5,429 | 88,5 | 0,4624 |
| Intellektuele vermoë | 5,733 | 4,929 | 74,0 | 0,1573 |
| Emosionele stabiliteit | 4,600 | 4,286 | 96,0 | 0,6901 |
| Prikkelbaarheid | 5,067 | 5,286 | 94,5 | 0,6386 |
| Dominansie | 4,867 | 6,143 | 57,0 | 0,0301* |
| Sorgvryheid | 5,667 | 6,143 | 87,0 | 0,4212 |
| Pligsgetrouheid | 5,467 | 4,214 | 69,0 | 0,1129 |
| Avontuurlustigheid | 4,800 | 4,714 | 104,5 | 0,9824 |
| Emosionele gevoeligheid | 5,600 | 4,571 | 74,5 | 0,1686 |
| Individualisme | 4,267 | 5,214 | 82,5 | 0,3187 |
| Skuldgeneigdheid | 5,933 | 5,714 | 96,5 | 0,7031 |
| Selfgenoegsaamheid | 5,133 | 5,429 | 104,0 | 0,9643 |
| Selfbeheersing | 4,667 | 4,500 | 98,5 | 0,7711 |
| Gespannendheid | 5,400 | 5,429 | 99,0 | 0,7800 |
| | N = 15 | N = 14 | | |

*Beduidend op die 5%-peil

Tabel 3.96 dui op 'n betekenisvolle verskil in faktor E, Dominansie, tussen die st. 8 eksperimentele en -kontrolegroep. Die st. 8-kontrolegroep, met 'n stanegetelling van 6,143 in faktor E, toon 'n groter geneigdheid tot dominansie, selfgeldendheid, selfversekerdheid en eiewysheid as die st. 8 eksperimentele groep, wat 'n telling van 4,867 in die natoetsing getoon het. Beide groepe se stanegetellings val nogtans binne die gemid=delde sone, sonder aanduiding dus van patologiese gedrag in dié verband.

Deurdat die st. 8-kontrolegroep tydens die voortoetsing 'n beduidend hoër telling in faktor D, Prikkelbaarheid, as die st. 8 eksperimentele groep behaal het, maar nie in die natoetsing nie, wil dit voorkom of daar in

dié faktor ook 'n betekenisvolle verandering plaasgevind het. Om die aangeleentheid kritieser te ondersoek, word die resultate van tabel 3.98 verskaf.

b) IPAT-Angsskaal

TABEL 3.97 RESULTATE VAN DIE MANN-WHITNEY-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN TELLINGS BEHAAL IN DIE IPAT-ANGSSKAAL TYDENS DIE NATOETSING (N)

| Angstellings | $\bar{X}e8(n)$ | $\bar{X}k8(n)$ | U | Beduidendheidspeil |
|---|---|---|---|---|
| Gebrekkige integrasie | 6,067 | 5,929 | 103,0 | 0,9294 |
| Swak egosterkte | 7,267 | 7,571 | 91,5 | 0,5426 |
| Agterdogtigheid | 6,467 | 6,714 | 92,5 | 0,5802 |
| Skuldgevoelens | 6,867 | 6,571 | 92,5 | 0,5736 |
| Spanning | 6,600 | 6,214 | 95,5 | 0,6729 |
| Onbewuste Angstelling | 6,867 | 6,714 | 102,0 | 0,8945 |
| Bewuste Angstelling | 6,733 | 6,857 | 99,0 | 0,7894 |
| Totale Angstelling | 6,933 | 6,857 | 104,0 | 0,9647 |
| | N = 15 | N = 14 | | |

Geen betekenisvolle verskille het voorgekom tussen die st. 8 eksperimentele en -kontrolegroep se natoetstellings in die IPAT-Angsskaal nie.

a) HSPV

TABEL 3.98 RESULTATE VAN DIE t-TOETS OM BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TE BEPAAL TUSSEN DIE ST. 8 EKSPERIMENTELE EN -KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN VERSKILLE TUSSEN DIE VOOR- (V) EN NATOETSING (N) IN DIE HSPV

| Persoonlikheidsfaktore | $\bar{X}e8(v-n)$ | $\bar{X}k8(v-n)$ | t | P |
|---|---|---|---|---|
| Sosialiteit | 0,000 | -0,2857 | 0,43 | 0,6680 |
| Intellektuele vermoë | -1,000 | 0,0714 | -1,63 | 0,1156 |
| Emosionele stabiliteit | 0,1333 | -0,1429 | 0,34 | 0,7388 |
| Prikkelbaarheid | 0,0667 | 1,7143 | -2,49 | 0,0193* |
| Dominansie | 0,3333 | -0,3571 | 0,83 | 0,4125 |
| Sorgvryheid | 0,4000 | -0,7857 | 1,69 | 0,1021 |
| Pligsgetrouheid | -0,4667 | 0,7857 | -1,67 | 0,1067 |
| Avontuurlustigheid | 0,1333 | 0,4286 | -0,53 | 0,6019 |
